

Mei/May

1:1998

# Matieland



UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH  
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

*Plaas  
jouself in  
sy  
skoene*

*Hoe lank sal  
jou  
maatskappy  
jou  
ondersteun?*

Jy is 'n gegradeerde professionele persoon in 'n korporatiewe omgewing. Indien jy ongeskik of ernstig siek word, sal jou werkgewer jou ondersteun, vir 'n wyle. Wat dan? Jy sal sukkel om weer op die been te kom...

Die Professionele Voorsieningsvereniging se uitstekende siekte- en ongeskiktheidsvoordele betaal vroeër, vir langer, uit as dié van korporasies en ander maatskappye.

PPS bied 'n uittredingsplan met goeie winste en 'n belastingvrye enkelbedrag asook groeplewensdekking teen onoortreflike tariewe. Daar is ook mediese hulpskemas wat betaal wanneer dit regtig saak maak.

Boonop is hierdie unieke, aangepaste voordele ten volle draagbaar. En eksklusief aan alle gegradeerde beroepschlui.

Hoe gouer jy met PPS gesels, hoe meer baat jy, want koste-effektiewe dekking kan gratis wees na 6 jaar. Skakel jou makelaar of een van ons kantore vandag. So sal jy altyd iets hê om op terug te val.



Beskerm Gegradeerde  
Beroepschlui Soos Niemand  
Anders Nie.

e-pos: info@pps.co.za

**Voorblad:** 'n Oudstudent van die Weekskool, ds Laurie Gaum (agter) met twee van die skoliere wat nasorg en huiswerk-hulp kry by die opleidings-en gemeenskapsentrum van die kerk in Guguletu waar hy werk. Lees op bl. 12 hoe dié sentrum en nog een in die Oos-Kaap ontstaan het nadat 'n US-dosent in Bedryfsielkunde en 'n swart predikant wat aan die US studeer, mekaar ontmoet het.  
Foto: Garth Stead.

#### Matieland word gratis gestuur aan Oudmaties en US-donateurs.

##### Redakteur, Matieland:

Hans Oosthuizen

##### Matieland Advieskomitee:

Proff Christo Viljoen (voors.), Walter Claassen, Piet du Plessis, Johan Groenewald, George Claassen, mnre Kobus Visagie, Hans-Peter Bakker, Hans Oosthuizen

##### Uitvoerende redakteur,

US-publikasies: Hans-Peter Bakker  
Ontwerp & Uitleg: Alun Davies

##### Kontrak-uitgiver:

Metupp Publishing

##### Reproduksie:

Virtual Colour

##### Drukker:

Paar Post Web, Paarl

##### Verspreiding:

AMA, Kaapstad

##### Redaksiekantoor:

**Posadres:** Redakteur: Matieland, Bemarking & Kommunikasie, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak XI, Matieland, 7602

**E-pos:** jcoost@maties.sun.ac.za

**Tel:** (021) 808-4851/4632

**Faks:** (021) 808-3800

##### Advertensies:

Johannesburg: Frank Walsh, Metupp Publishing, Posbus 412193, Craighall 2024

**E-pos:** metupp@global.co.za

**Tel:** (011) 787-0513 **Sel:** 083-286-2765

**Faks:** (011) 787-1771

Johannesburg: Sally Hudson,

**Tel:** (011) 784-1438 **Sel:** 083-277-6974

Kaapstad: Liz Albrich,

**Tel:** (021) 434-4583 **Sel:** 082-552-3298

##### Sirkulasie/Adreslys:

**Posadres:** Marie Maree, Matielandsirkulasie, Bemarking & Komunikasie, Privaatsak XI, Matieland, 7602

**E-pos:** mm@maties.sun.ac.za

**Tel:** (021) 808-4919/4632

**Faks:** (021) 808-3800

**Jaargang 42** 1:1998

**ISSN** 0025-5947

# Matieland

## Inhoud/Contents

### Navorsing/Research

- 4 Nuwe eenheid groot eer vir buuruniversiteite
- 5 Kenner van diergeure word A-navorser
- 5 Laboratorium help met Swazilandse damprojek
- 6 Chemie kry navorser met sy gedugte span
- 7 Unesco centre director now at Maties
- 7 A-rated scientist joins Microbiology

### Uitreik/Outreach

- 12 Transkei project wins President's Award
- 13 From "Kweekskool" to Guguletu
- 14 Duitsers, US help saam in Kyamandi

### Die Kunste/The Arts

- 16 Africana-skat weerspieël Kaap in 1839

### Wellewendheid/Life Style

- 18 Lewensvreugde is goeie medisyne!
- 20 Finding funds for tertiary education

### Oudmaties, Maties & personeel/Alumni, students & staff

- 10 'Stellenbosch staan stewig – en hy pas aan': Rektor vir nog 'n termyn herkies
- 11 Regte man vir die groot taak: Dr Rolf Stumpf word viserektor
- 24 Oudmatie-nuus
- 26 Matie-prestasies
- 27 Personeel-nuus

### Sport/Sport

- 31 Hokkievroue klop Engelse, leer by Hollanders

### Allerlei/Miscellaneous

- 2 Klip in die 'Bosch: Lesers-briewe
- 2 Redakteursbrief
- 15 Vlaming kry nuwe medalje
- 30 Matieland stories
- 22 In memoriam
- 31 Naskrif: Dieper denke, blindstarende standpunte




6



16



20



27

**M**isdaad en geweld: ons land se ergste probleme? Nee, die gebrek aan opleiding is nog erger as misdaad, sê 'n predikant wat ook 'n doktorale student aan die US is.

Hoe dié dominee met 'n US-dosent saamspan om vir mense van Guguletu tot in Transkei werkopleiding en ander gemeenskapsprojekte moontlik te maak, is Matieland se voorblad-storie. Nog 'n "Uitreik"-berig gaan oor hoe die Universiteit met inwoners van die eertydse Oos-Duitsland saamspan om minder bevoordele kinders op Stellenbosch te help.

Onder "Navorsing" word vertel van 'n US-dosent en sy Oudmatiekollega by die UWK wat oor wets- en grondwetvertolkingsaamwerk; oor hoe die US met 'n reuse-dambouprojek by Swaziland help; en van die chemikus wat as A-kategorie navorsing van die SNO 'n wêreldleier is op die terrein van chemiese lokstowwe by diere.

Lees ook van nog 'n A-navorsing ('n mikrobioloog) wat van Kaapstad af Maties toe kom. En drie ander top-navorsers in die natuurwetenskappe wat uit Natal, Gauteng en die Vrystaat hierheen gekom het.

Nog 'n nuwe personeellid waaroor berig word, is 'n Xhosa-prinses wat nou vir die Maties wiskunde doseer. Daar is ook 'n berig oor die Pretorianer wat binnekort die US se nuwe viserektor (bedryf) gaan word. En in 'n lang onderhou met die rektor (wat vir nog 'n termyn heraangestel is) gee hy onder meer 'n boodskap vir die Oudmaties.

Soos belowe, is daar 'n briewe kolom: 'n Onlangs afgestudeerde Oudmatie kla oor haar geliefde Neelsie wat van lekker sokkie-en-boerekos kuierplek tot "shopping mall" omskep is. (Skryf gerus as u iets te sê, te vra of te kla het!).

Op die Tygerberg-kampus is 'n eerstejaartjie met besonderse Matiebande: sy is die vyfde Matie-geslag in haar familie. Boonop het haar oor-oor-grootjie die Universiteit se vroegste voorganger gehelp stig, in 1866.

Ietwat vroeër, in 1839, het 'n reisiger tussen Indië en Engeland 'n aantal Kaapse tonele geskilder wat in 1968, vanjaar dertig jaar gelede uit Engeland verkry is: tonele van die rustige, dun bevolkte Kaap van byna 160 jaar gelede.

Teenoor dié rustigheid is daar die stres wat nou deel is van ons lewe. Hoe hanteer 'n mens dit? 'n Geneeskunde-dosent het op uitnodiging van Matieland 'n artikel hieroor geskryf. Lewensvreugde, sê hy, is die beste medisyne!

*Hans Botha*

### LEES VOLGENDE KEER IN MATIELAND:

- Afstandsonderrig bied landwyd 'n splinternuwe dimensie aan Matiewees
- Suid-Afrika se oudste universiteits-tuin vier sy 75ste verjaardag, en sy senior kurator presteer met 'n internasionale projek
- Die Kanselier tree ná 'n dekade uit
- US se wisselwerking met 'n lewendige landboubedryf
- Maties se eie loopbane-kantoor help met die lewe ná Stellenbosch
- Buitelandse studente leer gretig Afrikaans

# KLIP

## Matieliedjies is 'n kultuur-skatt wat kan verdwyn

**D**it gaan oor sing – deurspeks met nostalgie en heimwee. 'n Mens raak mos soort van verdrietig as jy ouer word, seker omdat jy ouer word!

Elke Matie-geslag sing sy eie goed. Toe ek 'n paar jaar gelede Dagbreek se inwonende hoof was, het die manne ander goed gesing as wat in ons tyd gewild was: eietydse liedjies, en hulle het baie daarvan self geskep. Ek hoor nog "Jan Boland, Jan Boland..." uit die klub opstryk.

Die vroeë vyftigs se manne het (onder meer) gesing van "Anna Jordaan, jou vaalkop korhaan/Op Suurbrak het Anna..." ens. Woorde sonder sin, malligheid vir die pret daarvan en 'n wysie wat nie huis eervolle vermelding op 'n eisteddfod sou haal nie. Maar dit het manne by mekaargetrek – om 'n uitgebrande vuur, op 'n rugbybus (ons het natuurlik met lories gery!) of op 'n Saterdagdag as ons mekaar koshuis toe terughelp.

Waar kom dié lied vandaan? Wie was die skrywer? En wie'd dit getoonset?

Nog iets: Moet alles wat uit Matiemond

## Bydraes in hierdie



**V**an Stellenbosch na Gugulethu en daarvandaan Transkei toe het 'n Stellenbosse dosent en 'n Xhosa-predikant se vriendskap gelei tot verskeie geslaagde gemeenskapsprojekte. **Heloise**

**Davis**, wat hieroor vir Matieland geskryf het, is 'n gesoute joernalis: in kommunikasiekunde op Potchefstroom opgelei, het onder prof Piet Cillié die eerste M-graad in joernalistiek aan die US behaal, en was o.m. dagbladjoernalis asook die SAUK se heel eerste vroulike sportverslaggewer.

**Bl. 12**

# IN DIE 'BOSCH

ontstaan het en gesing is, nie bymekaarge maak word nie? Al was party daarvan lelik gepeper, dis tog 'n kultuurskat wat verlore kan gaan.

**Tex de Swardt (BA, SOD, BED 1956-'60; MED '86) Posbus 1860, Kaapstad, 8000**

## Onse Neelsie is verniel en regtig nie mooi nie

**N**a 2½ jaar het ek effens gekalmeer oor die Matieland (1:1995) met die berig oor die "Nuwe Neelsie." Ek was so ontsteld!

Onse Neelsie – gesellige kuierplek waar studente die heerlikste boerekos eet, brug speel op die lekker ou houtbanke, sokkie in die Gat en 'n interessante studentelewe sy gang gaan. Ek het altyd gedink Stellenbosch is een plek wat al sy ou prag en atmosfeer kan behou.

"Unieke studentesentrum" is dit beslis nie. Dit lyk presies soos Natal Universiteit, Wits en al die ander gekommersialiseerde kampusse. Dis 'n "shopping mall." Dis klinies en regtig nie mooi nie.

Wel, 'n mens moet seker verstaan dat niks glad kan verloop sonder \$\$\$ nie. Die projek

was en is natuurlik baie winsgewend. Maar ai, dit is HARTSEER...

'n Mens is skrikkerig om jou liefplingplek se Trustfonds te ondersteun. Gaan alles mettertyd verniel word? Wat wel nog sal gebeur!

As afsluiting wil ek graag almal bedank wat sorg dat ons nuusbrieue en dies meer ontvang om ons op hoogte te hou. Ons is altyd Maties!

**Haidee Babüroglu (geb. Kotze, BComm 1990)  
Aucklandpark, Johannesburg**

## Beïndruk met nuwe voorkoms

**B**aie geluk met die fantastiese nuwe Matieland-voorkoms. Sommer baie interessant. Ek is baie beïndruk.

**Annatjie Burger (B-, HonsBScAgric 1993, '94), Nelspruit, Mpumalanga**

**D**ankie vir die eksemplaar van Matieland (2:1997). Die inhoud is onderhouwend en bied 'n interessante insae in vele aktiwiteite van die Universiteit.

**Mnr TBC Heath, Hoof: Onderwys, Wes-Kaapland**

**Stuur u menings,  
voorstelle, ens. aan:**

**Redakteur: Matieland,  
Bemarking &  
Kommunikasie,  
Privaatsak X1,  
Matieland, 7602  
E-pos:  
jcoost@maties.sun.ac.za  
Faks: (021) 808-3800**



## uitgawe van Matieland:



**V**ir Neu-brandenburg se mense, in die eertydse Oos-Duitsland, is swaarkry en omwenteling deel van die lewe. Daarom wou hulle vir minder bevoordegelikes in 'n ander wêrelddeel iets

doen. Deur die US se toedoen kon dié Duitsers 'n groep Stellenbosse kinders help. Oudmatie **Samantha Walbrugh**, wat hiervan vertel, was primaria van Nemesia, het 'n meestersgraad in Duits, was 'n nagraadse uitruilstudent in Oostenryk en werk nou by Bemarking & Kommunikasie aan die US.

**Bl. 14**



**S**tres is vir baie mense 'n onvermydelike deel van die lewe. Raad vir streshantering kom van dr **Dawie van Velden**, dosent in Huisartskunde in die Fakulteit Geneeskunde aan die US. Hy is 'n

Oudmatie, eertydse hoof van studentegesondheid by die UOVS en sportliefhebber wat vir 'n dekade lank die Rapport-fietstoer se dokter was. Sy vrou, Annemarie (Lintveld), is 'n oudstudent van die Konservatorium en vier van hul ses kinders is vanjaar Maties.

**Bl. 18**



**P**hetiwe Matutu, 'n Xhosa-prinses, was van kleins af lief vir wiskunde. Na 'n wiskunde-graad (met lof) by Rhodes en 'n doktorsgraad by Ikeys, is sy nou die Maties se nuutste wiskundedosent. Sy het haar boeiende, opheffende verhaal vir Kaapstadse journalist **Carol Campbell** vertel. Carol se journalistieke loopbaan het by die Natal Mercury in Kwazulu/Natal begin. Sy was ook aan die Cape Times verbond en is nou die Cape Argus se verslaggewer oor spesiale sake.

**Bl. 27**

Suid-Afrikaners moet "van nuuts af leer hoe om 'n grondwet te lees en toe te pas. Dit het nodig geword sedert 27 April 1994 toe die Grondwet vir die eerste keer in ons geskiedenis die 'hoogste' reg geword het."

# NUWE EENHEID GROOT EER VIR US, UWK

**P**ubliekregdoseent prof Lourens du Plessis van die US is die eerste direkteur van 'n nuwe prestige-navorsingseenheid virregs- en grondwetvertolking. Die US en die UWK deel dit as gelyke vennote.

Naas R90 000 se steun per jaar vanaf die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (SWO) in Pretoria, dra die US jaarliks ook sowat R30 000 vir die eenheid by. Sover bekend is dit die eerste SWO-gesteunde eenheid wat twee universiteite se gesamentlike onderneming is.

Prof Jacques de Ville is die eenheid se hoofnavorser by die UWK. Hy is 'n Oudmatie wat 'n doktorsgraad onder prof du Plessis se studieleiding op Stellenbosch behaal het.

Die US/UWK Navorsingseenheid vir Regs- en Grondwetvertolking (US/UWK-NRG) is 'n belangrike prestasie vir die twee universiteite. Dit is in die geesteswetenskappe-omgewing vergelykbaar met die SNO (Sentrum vir Navorsingsontwikkeling, wat steun aan die breë natuurwetenskappe-omgewings bied) se A-kategorie toekennings, sê SWO-direkteur van navorsings- en beursbefondsing, mnr Prem Naidoo. Hy het dit onlangs op Stellenbosch beskryf as die SWO se mees uitstaande erkenning vir navorsers van uitnemende statuur soos prof Du Plessis.

Daar is nou 15 sulke SWO-eenhede aan universiteite landwyd. Die US het nog twee: die Eenheid vir Wiskunde-onderwys (Enwous) met prof Piet Human van die Didaktiek-departement as direkteur en Nefus (die Navorsingseenheid vir Eksperimentele Fonologie) met prof Justus Roux van Afrikatale as direkteur. Enwous het sy werkzaamhede onlangs afgesluit nadat dit sowat twee dekades lank bestaan het.

Die UWK is sover bekend slegs die tweede histories benadeelde universiteit waar 'n SWO-eenheid gesetel word. Daar was voorheen een by die Universiteit van Zoeloeland.

Die US en UWK het Du Plessis vir die eerste vier jaar as direkteur aangewys. Daarna roteer die direkteurskap tussen die twee universiteite. Die US is vir eers met

Du Plessis as direkteur ten volle vir die eenheid se finansiële bestuur verantwoordelik. Vir volgehoue SWO-steun moet die eenheid homself jaarliks herbewys.

Die nuwe eenheid spruit uit Du Plessis se navorsing sedert ongeveer 1992. Hy was onder meer betrokke by die skryf van Suid-Afrika se Oorgangsgrondwet. Die nuwe politieke bedeling stel nuwe eise t.o.v. wetsvertolking sê hy.

"Eerstens moet ons in Suid-Afrika van nuuts af leer hoe om 'n grondwet te lees en toe te pas. Dit het nodig geword sedert 27 April 1994 toe die Grondwet vir die eerste keer in ons geskiedenis die 'hoogste reg' geword het. Deel van die leerproses is om te kyk hoedat grondwette in ander vergelykbare stelsels soos dié van Duitsland, die VSA, Kanada en Indië vertolk word. Ons gaan modelle en teorieë van grondwetvertolking navors – ook om lig te werp op aktuele grondwetverwante temas waaraan doktorale studente nou werk.

"Tweedens het die nuwe grondwetlike bedeling ook 'n verreikende invloed op die manier waarop 'n mens gewone wette vertolk. Hieroor doen ons ook navorsing."

Du Plessis het reeds 'n hele aantal publikasies oor sy navorsing gelewer. Hy het in 1995 vir 'n halfjaar by 'n Duitse navorsingsinstituut vir federalisme in Hannover gewerk. Vroeër vanjaar was hy ook by die Universiteit van Florida en hy woon later in 1998 'n regskongres in Brittanje by. Hy werk ook saam met De Ville aan 'n nuwe standaardhandboek vir regspraktisys en studente.

'n Aantal meesters- en doktorale studente het al of werk steeds onder Du Plessis se leiding (ook by die UWK) aan grondwetverwante onderwerpe soos omgewingsgeregtigheid, sensuur, die regte van gays en Moslemvroue asook godsdiensregte. Hy sê die nuwe eenheid verbreed die moontlikhede vir navorsing-spanwerk. "Ons wil veral moeite doen om studente uit histories benadeelde universiteite landwyd hier te laat werk."

**Proff Lourens du Plessis (links) en Jacques de Ville: US-doseent en Oudmatie wat 'n nuwe prestige navorsingseenheid by twee buuruniversiteite bedryf**



**Die US/UWK Navorsingseenheid vir Regs- en Grondwetvertolking (US/UWK-NRG) is 'n belangrike prestasie vir die twee universiteite. Dit is in die geesteswetenskappe-omgewing vergelykbaar met die SNO (Sentrum vir Navorsingsontwikkeling, wat steun aan die breë natuurwetenskappe-omgewings bied) se A-kategorie toekennings**

## **Kenner van dieregeure word A-navorser**

**D**ie Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) het prof Ben Burger, die Departement Chemie se voorsitter, as 'n A-kategorie navorser geplaas. Dit is 'n groot eer, slegs vir navorsers van wêreldformaat.

Net wêreldleiers in hul spesifieke navorsingsgebiede van die wetenskap, ingenieurswese en tegnologie aan Suid-Afrikaanse tersiêre opleidingsinstansies is A-navorsers van die SNO.

Die stigting bestuur die beoordelingsproses. Navorsers word op hul navorsingsuitsette in die afgelope vyf jaar beoordeel. Hiervoor gebruik die SNO 'n proses van internasionale eweknie-beoordeling.

Burger is 'n leier op die gebied van feromonchemie. Dit behels die analise en identifikasie van sekere afskeidings wat diere gebruik om met mekaar te kommunikeer – byvoorbeeld om die teenoorgestelde geslag aan te lok of gebiede af te baken.

Hy het al verskeie soorte motte, miskruiers, wildsbokke, hamsters en selfs mense by sy chemiese ontledings betrek.

Ben Burger is 'n Oudmatie wat sedert 1962 aan die US verbonde is, in 1995 professor geword het en sedert 1996 voorsitter van die Departement Chemie is. In 1989 het hy die SA Akademie se Havengaprys vir Chemie ontvang. Hy het twee keer (1968 en '75) die gesogte Alexander von Humboldt Stipendium vir studie in Duitsland gekry. ■



**Prof Ben Burger** met een van die miskruiers wat in sy navorsing oor sekslokstowwe gebruik is. Daar is duisende miskruierspesies en Burger se laboratorium is die eerste ter wêreld wat daarin kon slaag om feromone (die chemiese stowwe waarmee diere kommunikeer) by miskruiers te identifiseer



**Prof Albert Rooseboom en mnr George Goodey** kyk by een van die Maguga-oorloopmodelle na die uitskuring stroom-aan die rotsbodem. Die model, 'n sesligste van die oorloop se grootte, gee 'n idee van hoe groot die dam werklik gaan wees

## **LABORATORIUM HELP MET SWAZILANDSE DAMPROJEK**

**S**iviele Ingenieurswese se Waterboukunde Laboratorium speel 'n belangrike rol in 'n Swazilandse dambouaprojek van meer as R500 miljoen.

Bouwerk begin binnekort aan die Magugadam van meer as R500 miljoen in die Komatirivier. Dit gaan watervoorsiening langs die rivier aanvul. Die Komati Basin Water Authority gee opdrag om die dam te bou. Onder die fiansiers is die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, 'n Konsortium van Suid-Afrikaanse en internasionale konsultante het die ontwerp ontwikkel.

Die beoogde dam se oorloop is met hidrouliese modelle in dié laboratorium op Stellenbosch geoptimaliseer. Die damwal sal ongeveer 115 m hoog wees. Weens die hoogte sal die watersnelhede by die betonoorloop se onderpunt mettertyd 'n

diep gat in die rotsbodem laat ontstaan.

Met die model is die betonoorloop so beplan dat die uitskuring in die rots nie tot ondergraving van die damstrukture sal lei nie. Detailmodelle van die oorloop is ook gebou om golffpatrone en drukke te ondersoek.

Die laboratorium se 30-tal ander modelstudies in die afgelope vyf jaar het onder meer modelle van brûe, damme, tonnels en hawens ingesluit. Daar was verskillende modelstudies vir die Lesotho Hoogland Water Projek.

Baie buitelanders besoek die laboratorium. Onder hulle is deskundiges wat namens die Wêreldbank aan die modelstudies deelneem.

Vroeër vanjaar kon die publiek ook as deel van die Fakulteit Ingenieurswese se jaarlikse opedag sien hoe werk van die modelle. ■

"In my navorsingsveld moet 'n mens in voeling bly met jou kollegas oorsee, en as hulle jou nie wil besoek nie omdat misdaad hulle afskrik, is jy in die moeilikheid."

# CHEMIE KRY NAVORSER MET SY GEDUGTE SPAN

**N**adat gewapende motor-kapers 'n voorste chemiese navorser by sy huis in Johannesburg aangeval het, het hy Stellenbosch toe verhuis met sy gedugte navorsingspan – waaronder buitelandse doktorale en na-doktorale studente.

Vir prof Helgard Raubenheimer was die motorkapers se koue waperloop teen sy kop die laaste strooi in 'n reeks voorvalle wat gemaak het dat hy sy verblyf in Gauteng ernstig hereoorweeg het.

Die Randse Afrikaanse Universiteit, waar hy die hoof van anorganiese chemie was, se verlies het die Maties se wins geword. Raubenheimer, 'n Oudmatie en US-ouddosent, is 'n voorste anorganiese chemikus, wat internasionale erkenning op sy terrein geniet.

Hy het met sy navorsingspan by die US se Chemiedepartement asook die Instituut vir Polimeerwetenskap aangesluit. Die span sluit vyf na-doktorale studente uit Duitsland in, en verskeie doktorale en meestersgraad-studente.

Drr Robert Briel (lektor) en Stephanie Cronjé (navorser) het ook as deel van die span by Polimeerwetenskap aangesluit. Van die ander spanlede is verbonde aan Raubenheimer se nuwe laboratorium by Anorganiese Chemie

aan die US.

Om op die gebied van goudchemie koppelings tussen die US en die bedryf te vestig, is nou vir Raubenheimer sy grootste uitdaging. Sasol het reeds dié navorsing by RAU gesteun, en sit dit nou op Stellenbosch voort.

Bedryfskoppelings is uiterst noodsaklik, want dit kan help om bedryfsverwante salarissee aan bekwame, en dus gesogte, navorsers te betaal, sê Raubenheimer. Die staatsubsidie is net eenvoudig onvoldoende hiervoor.

### **"Bedryfskoppelings kan help om bedryfsverwante salarissee aan bekwame, en dus gesogte, navorsers te betaal"**

In Johannesburg is daar al 'n geruime tyd bedryfskoppelings en Raubenheimer meen hy kan op dié terrein heelwat vir Stellenbosch regkry. Daar was tot nog toe nie metaalchemie in die Fakulteit Natuurwetenskappe op Stellenbosch nie, en dekaan Fritz Hahne het Raubenheimer dus genader om dit aan die US te vestig.

Raubenheimer het al sy akademiese kwalifikasies op Stellenbosch behaal. Hy was daar 'n dosent van 1966 tot hy in 1970 RAU toe is. Hy was ook lank oorsee: drie jaar by 'n universiteit in

München, Duitsland, en twee jaar in Zürich, Switserland.

Die noodsaaklikheid van skakeling met kollegas in die buitenland, was nog 'n oorweging vir die chemie-navorsingspan se verskuwing Suide toe. Al hoe meer wetenskaplike van formaat in die buitenland het Raubenheimer se uitnodigings Johannesburg toe van die hand begin wys vanweë die misdaadsituasie.

"In my navorsingsveld moet 'n mens in voeling bly met jou kollegas oorsee, en as hulle jou nie

wil besoek nie omdat misdaad hulle afskrik, is jy in die moeilikheid."

Buitelandse wetenskaplikes het reeds laat blyk dat hulle sy laboratorium op Stellenbosch wil besoek.

Hy het in Johannesburg begin met 'n geslaagde projek, wat steeds voortgaan: praktiese opleiding vir chemie-onderwysers in histories benadeelde skole. 'n Gencor-skenking het vir dié opleiding en die verskaffing van chemikalië gesorg. Hy wil so 'n projek in die Kaap ook aanpak.

**Prof Helgard Raubenheimer (links) met lede van sy navorsingspan**



BENNIE GOOL

## Unesco centre director now at Maties



**Prof Bernard Prior**  
"Stellenbosch University's  
excellent international  
reputation on yeast research  
should be maintained"

**P**rof Bernard Prior has joined the University of Stellenbosch from the University of the Orange Free State earlier this year.

In 1995 Unesco awarded a Microbiological Resources Centre (Mircen) to the UOFS with Prior as Mircen director of industrial biotechnology. Part of his responsibilities as director has been the establishment of contacts with microbiologists in other African countries, to build microbiology on a regional and continental basis.

His research interests are mainly in the field of yeast biology. Apart from funding by the FRD (Foundation for Research Development) and THRIP (Technology and Human Resources for Industry Programme - a joint venture by the FRD and the Department of Commerce and Industry) his research programme has been generously funded for many years by Sappi and more recently by Winetech.

This research over a period of twenty years resulted in more than a 100 publications in these two fields and 27 postgraduate students have received their degrees under his direction.

Because of these achievements, Prior has been invited to address a number of international yeast congresses and to write four review articles.

The University of the Orange Free State honoured him with a special merit award in recognition of extraordinary academic achievement on a national and international level.

He received his academic training in microbiology at the University of Natal, Pietermaritzburg (BScAgric) and his MSc and PhD degrees from the University of Wisconsin, Madison.

Apart from a two-year stint in the research group of Prof Johannes van der Walt at the Council for Scientific and Industrial Research in Pretoria, Prior's academic career has been entirely at the UOFS. Until recently he was head of the department.

Prior views Maties as offering tremendous opportunities to extend and consolidate research studies on yeasts. "These organisms are particularly important to the biotechnology industries of South Africa and it is essential that the excellent international reputation of Stellenbosch University on yeast research be maintained in future."

M

## A-RATED SCIENTIST JOINS MICROBIOLOGY

**Prof Doug Rawlings, who was awarded an A-rating by the Foundation for Research Development (FRD) in 1992 and again in 1996, will join the Department of Microbiology at Maties from UCT in July this year.**

**T**he research of his group at UCT is highly regarded internationally. For the past 18 years Rawlings has been carrying out research in the use of bacteria in a process to recover gold from difficult-to-treat arsenopyrite ores.

Gencor (now Billiton) has been a long-term sponsor of his research group and has built biooxidation plants based on this technology in South Africa, Brazil, Australia (two plants), Ghana and Uzbekistan.

In recent years, his research has focused mainly on the molecular genetics of biomining bacteria and their plasmids.

Biomining is a rapidly growing field. Rawlings has recently edited a book on the subject published in Berlin, Germany, in October 1997.

Rawlings studied at Rhodes University from which he obtained a PhD under the supervision of Prof David Woods.

After two years as a researcher at the Leather Industries Research Institute (Grahamstown) he accepted a lecturing post at the University of the Witwatersrand (1978-1981).

In 1982 he moved to the University of Cape Town and has held a personal chair in the Department of Microbiology for the past ten years.


He was elected a UCT Life Fellow for his research in 1990 and received the University Distinguished Teachers Award in 1992.

In 1992 the SA Society for Microbiology presented a silver medal to him for "a series of outstanding publications". In 1993 he was elected a Fellow of the Royal Society of South Africa of which he is currently General Secretary. He was elected a founder member of the Academy of Science of South Africa in 1995.

Rawlings views as his greatest challenges the re-establishment of a strong research group in biomining and the development of the younger staff members in his new department.

He says that he also wishes to strengthen the already strong postgraduate education and research culture at Stellenbosch University and that it would be wonderful if he could use old contacts to foster closer academic ties between the Maties and Ikeys.

M



**Prof Doug Rawlings wishes to strengthen the already strong postgraduate education and research culture at Maties**

Plantbiotegnoloë se navorsing kan help om plante oral ter wêrelde met genetiese ingenieurswese te verander.

# NUWE INSTITUUT KRY TOPNAVORSER UIT NATAL

**V**rugte wat langer vars bly, of soeter is. Plante wat pes- en siektebestand is. Dis maar enkele van die ongekende toekomsmoontlikhede wat genetiese manipulasie vir die mens inhoud.

Die voorpunt-navorsing in die plantwetenskappe word nou toegepas in die Universiteit se nuwe Instituut vir Plantbiotegnologie.

Een van Suid-Afrika se talentvolste botaniiese navorsers het van KwaZulu/Natal af Stellenbosch toe gekom om hoof te word van dié nuwe instituut. Prof Frikkie Botha was tot einde verlede jaar aan die SA Suikervereniging en die Universiteit van Natal verbond.

Sy navorsingsgroep soek onder meer na metodes om 'n "tydkakelaar" vir plante te identifiseer, iets wat die plante se "pas aangee" van hulle begin groei tot hulle ryp word. Wetenskaplikes noem sulke skakelaars "promotors." Dit kan dalk selfs bepaal wanneer 'n plant se blare siektebestand begin raak.

As die Stellenbosse plantbiotegnoloë dié promotores se geheime kan agterkom, sal dit verreikende gevolge hé vir die moontlikheid om plante oral ter wêrelde met genetiese ingenieurswese te verander. Dit sal Suid-Afrika se wêreldplek in landbou-ontwikkeling sterk verstewig.

Maar laat dit 'n mens nie dadelik dink aan die onlangse kontroversie oor gekloonde skape nie? Nee, sê Botha. "Van die vroegste tye af het die mens kruisteling ingespan om beter vrugte en oeste te verseker." Hy is uitgesproke daaroor dat hy en sy navorsingspan hul kennis van dié nuwe wetenskap in die belang van Suid-Afrika se landboubedryf gebruik.

Die navorsing sluit in die manipulering van die plant se metabolisme deur 'n nuwe geen in die selle daarvan in te voeg. Die kuns lê daarin om die "tydkakelaar" te kry wat die geen op die

regte oomblik aktiveer en weer afskakel.

"So kan 'n mens byvoorbeeld 'n geen invoeg om die rypwordproses te verhaas, om gouer te kan oes. Maar die tydkakelaar moet so presies wees dat die vrug behoorlik gevorm is voordat dit ryp word."

"En die geen moet ook vir die plant sê presies waar om aktief te word. 'n Mens wil tog nie hé die rypwording moet in die wortels begin nie."

Die gene word in die plantselle "ingeskiel" met tungsten- en goudkoeëls of deur middel van 'n bakterie waarvan die skadelike eienskappe verwyder is.

Omdat die gene onsigbaar is, selfs onder 'n mikroskoop, kan die wetenskaplikes net met chemiese toetses uitvind of die gene aanwesig is.

Botha kry steeds die meeste van sy navorsingsgeld uit die suikerbedryf, wat lankal probeer om met genetiese ingenieurswese beter suikerriet te kweek.

Die voortsetting van sy suikerrietnavorsing noudat hy op Stellenbosch is, het beteken dat dit aangeplant moes word op een van die US se proefphase, Welgevallen, langs die US se bekende Coetzenburg-sportterrein. 'n Welige lap suikerriet met die Eikstad se bekende blou berge op die agtergrond, is beslis 'n ongewone gesig!

Daar is ook groot moontlikhede vir die wynbedryf, wat pas geld vir navorsing oor die produksie- en gehalteverbetering van druwe aan Botha en sy span beskikbaar gestel het.

"Dis hoërisiko projekte dié. 'n Bedryf kan selde bekostig om so iets alleen aan te pak, maar as hulle met die Universiteit saamwerk, verdeel ons die risiko," sê Botha.

Die navorsing bied aan die Maties opleiding in genetiese manipulasie. "Dis 'n wonderlike geleentheid vir studente wat in dié vertakking van die wetenskap belang stel."

Vir die Universiteit is dit 'n groot eer dat



**Prof Frikkie Botha**  
**"Dis hoërisiko-projekte dié"**

**Dr Bernard Ravno van die SA Suikervereniging by proef-suikerrietplante in die Instituut vir Plantbiotegnologie se transgeniese glashuis. Genetiese manipulering mag volgens wet slegs onder beheerde toestande soos in dié glashuis gedoen word**





ANTON JORDaan

**Suikerriet en... Bolandse berge.**  
**By die nuwe aanplanting suikerriet op Welgevallen is van links mnr Hennie Groenewald van die Instituut vir Plantbiotecnologie en dr Bernard Ravno van die SA Suikervereniging. Vanweë die Weskaapse koeler klimaat kan dié plante op Welgevallen nie suiker produseer nie – dit word slegs geplant om kweekhuisnavorsingsmateriaal te kry**

Botha besluit het om sy navorsing Stellenbosch toe te verskuif. Dit gee ook sterk stukrag aan die Fakulteit Natuurwetenskappe se nasionale en buitelandse beeld.

Landbou- en Natuurwetenskappe is volgens Botha die twee navorsingsterreine wat die maklikste privaatsktor-steun kan verkry.

Sy Stellenbosse navorsingsgroep kan Suid-Afrikaanse boere help om tot diep in die nuwe eeu mededingend te bly.

M

## SUNSAT 'N WENNER

**D**ie US is die eerste tersiêre instansie in die land wat 'n kategorie-toekenning in die Tegnologie Top 100 kompetisie kon wen – vir sy Sunsat (Stellenbosse Universiteit-satelliet) projek.

Net 100 streng gekeurde maatskappye kwalifieer jaarliks vir dié Standard Bank kompetisie – en net enkeles is kategoriëwenners.

Sunsat, 'n mikrosatelliet, het die kategorie Navorsing en Ontwikkeling in die omsetklas tussen R1,25 miljoen en R5 miljoen gewen.

Vanweë dié prestasie kan die US se Elektroniese Stelsels Laboratorium (waar Sunsat gebou word) nou in dieselfde klas as bekende SA nywerhede soos Data-Fusion, Denel en Siemens SA genoem word.

Sunsat kan Suid-Afrika se eerste satelliet in die ruimte word wanneer dit na verwagting later vanjaar met 'n Amerikaanse vuurpyl aan die Kaliforniese kus gelanseer word.

■ Onder 'n groep Russe wat die Sunsat projek onlangs besoek het, was proff Alexander Matveenko, rektor van die Moskouse staats-vlieginstituut, asook Victor Savinykh, president van die Russiese vereniging vir hoër opvoedkunde en ruimtevlieënier van die eertydse Sowjet-Rusland.

M

**Prof Andreas van Wyk**, wie se eerste vyf jaar as Rektor en Visekanselier aan die einde van Junie vanjaar verstryk, is vir nog 'n termyn aangewys. **Hans-Peter Bakker** het prof Van Wyk uitgevra oor sy visie vir die Universiteit – en oor sake soos die handhawing van gehalte, die taalbeleid, die moontlikheid van privatisering en sy spesiale boodskap vir Oudmaties.

# 'STELLENBOSCH STAAN STEEWIG – EN HY PAS AAN'

### **BAKKER: Hoe voel u oor nog 'n termyn?**

VAN WYK: Dit sal vir my 'n groot eer – en 'n uitdaging – wees om die Universiteit die nuwe millennium in te lei. Ek het sekere belangrike ontwikkelinge van stapel laat loop en sou dit graag wil verder neem en afhandel. Daarbenewens kry ons met die aanstelling van dr Rolf Stumpf as Viserekotor (Bedryf) nuwe perspektiewe in die bestuur by (Berig hieroor op bl. II – Red.).

### **Wat beskou u as die Universiteit se grootse uitdagings en bedreigings in die volgende paar jaar?**

Die grootste uitdaging op akademiese terrein is ongetwyfeld die handhawing en verbetering van ons onderwysgehalte en die versterking van ons navorsingskultuur. Die hoofbedreiging op dié terrein is die toenemende probleme in die skoolonderwysstelsel en die vraag is wat ons onder omstandighede gaan doen om gehalte te handhaaf en verbeter. Die verkryging en behoud van goeie akademiese personeel bly steeds 'n uitdaging.

Die hoofuitdaging met betrekking tot die bedryf van die Universiteit is die versekering van sy finansiële toekoms deur onder meer die huidige bestuursproses te verbeter, die beleid van desentralisasie voort te sit en bykomende finansiële bronne te ontgin. In dié verband is die wêreldwye tendens van verminderde finansiële steun van owerheidsweë 'n groot kopseer.

### **Die verkryging en behoud van goeie akademiese personeel bly steeds 'n uitdaging**

Maar waarskynlik die grootste uitdaging is die verbetering van personeelverhoudings te midde van die onsekerhede wat met verandering gepaard gaan.

### **Hoe sou u personeelverhoudings op die oomblik beskryf?**

**Andreas van Wyk**  
"... 'n veranderende Universiteit van Stellenbosch wat daarop ingestel is om sy gehalte te handhaaf en te verbeter"



Daar is 'n meer kritiese ingesteldheid by die personeel oor bestuursbesluite. Tog het ek onlangs weer ongelooflike sterke lojaliteit op alle vlakke teenoor die Universiteit ervaar.

Rasionalisasie lei tot onsekerheid en in die algemeen heers daar in Suid-Afrika 'n geweldige mate van onsekerheid. Hierdie onsekerheid lei tot groter bevraagtekening van besluite en strukture. Ek ervaar kritiese ingesteldheid nie as negatief nie. Dit is eerder 'n uitdaging om die redes vir besluite meer doeltreffend oor te dra.

### **U persoonlike visie vir die Universiteit?**

My visie moet daarmee rekening hou dat die Strategiese Beplanningskomitee (SBK) huis geskep is om 'n visie vanuit 'n breër basis te ontwikkel. Tog vertrou ek dat my persoonlike visie en dit wat die proses van die SBK oplewer, in 'n groot mate sal ooreenkomm.

My visie vir... sê nou maar die jaar 2010: Die Universiteit van Stellenbosch is 'n universiteit van internasionale gehalte, veral op die terrein van navorsing. Hy aanvaar Suid-Afrikaanse verantwoordung. As inklusiewe Afrikaanstalige universiteit kan hy alle studente van gehalte wat hier wil studeer, akkommodeer, en in die Suid-Afrikaanse konteks werk hy veel meer doelbewus aan gemeenskapsbetrokkenheid.

### **Is dit in die lig van krimpende finansiële bronne realisties om te verwag dat al die US se studierigtigs op internationalevlak gehandhaaf word?**

Nee, ons sal eenvoudig nie op alle terreine waar ons tans doenig is internasionale standarde kan bereik of handhaaf nie en dit sal moeilike keuses tot gevolg hê – inderdaad 'n proses wat 'n inherente deel van die strategiese beplanningsoefening is. Kriteria wat uit dié beplanningsoefening kristallisear, sal beteken dat selfs rigtings wat tans sterk is, nie noodwendig vir verdere ontwikkeling gekies sal word nie.

Ons sal werklik strategies-georiënteerde besluite moet neem. Van dié

### **Ons sal werklik strategies-georiënteerde besluite moet neem**

keuses is reeds gedoen. Sommige departemente is gesluit of gecombineer, maar ons het dit probeer doen in 'n strategiese konteks, byvoorbeeld die samevoeging van departemente om die Department Moderne Vreemde Tale te skep waar daar gekonsentreer word op tegnologies-ondersteunde taalonderwys.

### **Watter impak kan die SBK op ons taalbeleid hê? Is dit moontlik om binne die huidige taalbeleid meer talige kursusse net in Engels aan te bied in gevalle waar die behoud van 'n program of departement daarvan afhang?**

Uiteraard is die taalbeleid ook deel van die strategiese posisionering en ek verwag dat die SBK ook oor die taalbeleid sal besin. Onthou ook dat meer-taligheid beduidende addisionele kostes meebring en dat in baie gevalle aanbiedings reeds elders in die Wes-Kaap in ander tale beskikbaar is.

### **Ek weet nie van enige departement wat op voorgraadse vlak deur die huidige taalbeleid bedreig word nie**

Ek weet nie van enige departement wat op voorgraadse vlak deur die huidige taalbeleid bedreig word nie. Volgens die beleid wat deur die Senaat en die Raad neergelê is, is die taal van onderrig op voorgraadse vlak Afrikaans, behalwe vir die Fakulteite Bosbou en Krygskunde. Op nagraadse vlak kan fakulteite self keuses doen en 'n aantal nagraadse kursusse word selfs net in Engels aangebied.

### **Hoe voel u oor die opsie van privatisering van die Universiteit?**

Dit hang af wat presies hiermee bedoel word – dit is nie 'n alles of niks aangeleenthed nie. Studentedienste is reeds in 'n groot mate geprivatiseer deur uitkontraktering en die proses moet voortgaan. As met privatisering bedoel word dat ons geen sent van die owerheid ontvang

### **Daar is ongetwyfeld 'n strewe om ons afhanklikheid van die staat te verklein**

van die staat, en ons kry reeds minder as 50% van ons begroting by die staat. Dit gaan nie oor vyandigheid teenoor die staat nie, maar sy bronse is beperk, en ons ding mee met baie ander aansprake op staatsgeld.

### **Dit wil lyk of persepsies van Oudmaties oor die Universiteit drasties verskil. Aan die een kant word die US gekritiseer dat hy te stadig verander en dat hy in toenemende mate minder relevant raak – aan die ander kant word kritiek uitgespreek dat die veranderinge op kampus standaarde toenemend sal verlaag? Hoe sou u dit wil aanspreek?**

Ja, dit is een van ons grootste uitdagings om juis dié persepsies te bestuur. Dit is 'n kwessie van doeltreffende kommunikasie. Lets wat ons miskien tot nou toe nie altyd baie goed gedoen het nie. Feit is, ons staan nie verandering teen nie en die Universiteit is nie besig om in due te stort nie. Die werklikheid is 'n veranderende Universiteit van Stellenbosch wat daarop ingestel is om sy gehalte te handhaaf en te verbeter.

### **Ek het vertroue in Stellenbosch se toekoms**

### **Het u 'n spesifieke boodskap vir Oudmaties?**

Ek het vertroue in Stellenbosch se toekoms en ek wil Oudmaties aanmoedig om dit ook te hê. Ek sê dit nie bloot om sentimentale redes nie, maar omdat ek werklik oortuig is dat Stellenbosch op 'n stellige grondslag staan en terselfdertyd by veranderende omstandighede aanpas. Ek wil vra dat alle Oudmaties die US ondersteun – nie net finansieel nie, maar in woord en daad.

# **'REGTE MAN VIR DIE GROOT TAAK'**

**D**ie regte man vir die groot taak in die huidige tydvak. Dit som die algemene siening op oor RGN-president dr Rolf Stumpf se aanstelling as die Maties se nuwe viserektor (bedryf).

Hy kom later vanjaar in die plek van prof Christo Viljoen wat einde Maart afgetree het, maar in dié pos waarneem totdat dr Stumpf later vanjaar by hom oorneem.

Die 52-jarige dr Stumpf het as direkteur, hoofdirekteur en adjunk-direkteur-generaal (1985-1992) van Nasionale Opvoeding en as president van die RGN sedert 1993 wye ervaring opgedoen van bestuur asook die formuleer en implementering van beleid. Dit het hom uitstekend toegerus vir die formele vereistes van 'n viserektorskapskap op Stellenbosch.

Sy gesonde en professionele verhoudinge met die nuwe beleidmakers in die hoër onder-

wys asook die wetenskap en tegnologie, sal help dat hy 'n stellige bydra in dié opsig as lid van die US se rektoraat kan lewer.

Stumpf se rol sedert 1993 om die RGN in 'n lewens-kragtige, geldelik gesonde en wetenskapgerige organisasie te omskep, en die feit dat hy die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys se eerste voor-sitter was, bied ook aan hom belangrike ondervinding vir die hantering van arbeids- en personeelsake tydens transformasie inisiatiewe.

Rolf Heinrich Stumpf is 'n Oudtukkie. Hy het BA, HonsBA en MA (Statistiek), alles met lof, aan die UP ver-

werf. Unisa het in 1984 'n doktorsgraad in die statistiek aan hom verleen.

Stumpf het in 1963 in Pietermaritzburg matriek met vyf onderskeidings geslaag en was in 1964 die destydse Leërgimnasium se beste kwekeling. Hy was 'n statistiek-dosent by Tukkies, universiteitsbeplanner by Nasionale Opvoeding en senior navorsingspesialis by die RGN. Nadat hy direkteur: nasionale opvoedingsbeleid en tot 1992 adjunk-direkteur-generaal van Nasionale Opvoeding was, word hy in 1993 die RGN se president.

Hy en sy vrou, Adrienne, het drie kinders.



**Rolf Stumpf**  
**Uitstekend toegerus vir die formele vereistes van 'n viserektorskapskap op Stellenbosch**

They forged a friendship, with far-reaching consequences for many people.

# MATIES FOR MASAKHANE: TRANSKEI PROJECT WINS PRESIDENT'S AWARD

A joint project between a Stellenbosch University department and a Guguletu community centre has won the prestigious State President's Award for Community Initiative, a Masakhane project, for the Eastern Cape. The prize money is R275 000.

Even more impressive is the fact that this Western Cape initiative eclipsed several serious Eastern Cape contenders. And it is a great achievement for Professor Jan du Toit of the Industrial Psychology Department at Maties and Reverend Spiwo Xapile of the Guguletu Reformed Presbyterian Church, who together inspired this venture and achieved success. The University now administers a trust, established with the prize money.


Du Toit and Xapile met in 1994 when the minister needed help for a member of his community who was experiencing serious language problems as a student on the Maties campus. Du Toit, known for his sympathetic nature, helped to resolve the language problem. More important though was forging their friendship – with far-reaching consequences for many people.

**"People must learn to help themselves. RDP means that communities must work for themselves; it will not work for them"**

Soon afterwards the JL Zwane Community Centre in Guguletu was successfully established. They then extended the scope of their vision.

Both men were born in the Eastern Cape, Xapile at Ngqeleni near Umtata and Du Toit at Adelaide. The minister has a home at Malungeni, near his birth-place. At first he was too ashamed to have Du Toit accompany him there, as conditions were so appalling. Following Du Toit's first visit, however, in April 1995, they set a new goal: another training centre, in Malungeni.

The private sector has been most generous. Safmarine paid part of the building costs. More donations came from several Cape Peninsula Rotary clubs. Sentinel Transport from Durban provided



*By Heloïse Davis*

free transport. Companies such as Corobrick, PG Glass, Plascon and Dunlop Carpet made sizeable contributions. Three months later the Malungeni Training Centre was a reality.

Malungeni's people are poor, says Xapile. Unemployment is rife due to retrenched workers returning from elsewhere. Drunkenness is a problem, training a rarity. But there was one advantage: enthusiasm, especially among the women. Though donations made the project possible, all labour came from the community. "We have done something about lethargy and incompetence, which to my mind pose even greater problems than crime," says Xapile.

Malungeni now has a multi-purpose hall together with classrooms, offices, a kitchen and accommodation for visitors such as staff from the Department of Manpower who provide the training.

Xapile says Du Toit is most popular there. To the youngsters he is "Mr Jan". One girl was amazed that someone "as old as Mr Jan" could not speak Xhosa, because "he is so clever otherwise".

Du Toit is extremely proud of this centre. "People must learn to help themselves. RDP means that communities must work for themselves; it will not work for them." For example, he obtained a Pepkor donation to train three Malungeni men as poultry farmers at Kromme Rhee, Stellenbosch. They now plough their knowledge back into the community.

The women built fences and planted 15 000 trees, all of which were donated by the Eastern Cape forestry department, and it is mostly they who tend the plantations.

David Saayman of the University's Soil Science department is studying soil samples which he collected during a visit to the area to determine its agricultural potential. "Malungeni's people do not have other resources, but they have the land," says Du Toit.

And the project that eventually won the State President's Award?

After President Mandela had instituted school feeding programmes, Malungeni's women began baking – in traditional ovens – and selling their products

**An appeal for staff, goods or products**  
*Building the Malungeni and JL Zwane centres became possible largely through donations from various companies. "We earnestly appeal for companies to support us with staff, goods or products," says Professor Jan Du Toit, who is available at tel. (021) 808-3004 or e-mail [jbd@maties.sun.ac.za](mailto:jbd@maties.sun.ac.za)*

**Opposite page:** At a function in Cape Town, President Mandela handed the State President's Award for the Eastern Cape to Reverend Xapile and Professor Du Toit. Right (clockwise from top, left): Guguletu pupils get assistance with their homework; Du Toit and Xapile at the Zwane Community Centre in Guguletu; Women in traditional dress at the opening of the Malungeni Centre; The Malungeni Centre in Transkei

**"We have done something about lethargy and incompetence, which to my mind pose even greater problems than crime"**



to the local school. Both parties benefit. Bread is available fresher and cheaper than that coming from Umtata, and the women profit R1,35 per bread. But there is a disadvantage: the natural supply of wood becomes exhausted. Sponsors are being sought now for gas ovens.

### Entirely different backgrounds

The JL Zwane project got underway in 1994, when the country's new democracy was taking its first tentative steps, and the Masakhane concept was still fairly unknown. That was when three concerned individuals from entirely different backgrounds put their heads together in Stellenbosch and decided: "We must improve the lot of some less privileged people."

Du Toit and Xapile were joined by one of Du Toit's graduate students, Annemarie Reitzma, who was closely involved with Absa's outreach programme. They identified a massive problem: a large group of Guguletu youths and young adults who had been closely involved in the struggle,


were untrained and unemployed.

Reitzma invited a number of influential Absa people to a meeting. Xapile (who is also a church historian and doctoral student at Stellenbosch) spoke in his characteristically calm and humorous manner. R32 000 later the project was on course. Generous donations also came from Presbyterian churches in the USA and the Netherlands.

Outreach programmes such as those at Guguletu and Malungeni help to prepare Matie students in Industrial Psychology for the work-place, where they will most likely become involved in community/outreach programmes on behalf of their employers.

*The people of Guguletu and Malungeni are truly privileged that Jan du Toit and Spiwo Xapile (despite their busy professional careers) can devote so much time, energy and enthusiasm to help create a better life for others.*

M



### From "Kweekskool" to Guguletu

**T**he Zwane training centre in Guguletu flourishes. Its staff include assistant pastor Laurie Gaum (the centre co-ordinator), a secretary, an education co-ordinator and several part-time training staff members.

Gaum graduated from the Faculty of Theology ("Kweekskool") at Maties. As an ordained Dutch Reformed Church minister of the "Studentekerk" (Stellenbosch DRC students' congregation) he is assigned to work in the Guguletu Reformed Presbyterian Church. He took over from an American woman pastor, and his salary at Guguletu is paid by contributions from Christians in the USA and the Netherlands. His father, Dr Fritz Gaum, is a DRC synod member and chairman of the "Kweekskool" control board.

At the Zwane centre, young people are trained for various life skills such as paver or hairdresser. As part of this project six Guguletu women went to Stellenbosch to train as caterers in the Consumer Studies (Home Economics) Department. They are now responsible for most of the catering at the centre.

In Guguletu another problem was noticed recently. Doing homework is difficult for primary school pupils in "model C" schools. Their domestic conditions are often dreadful. Students from the Universities of Stellenbosch, Cape Town and the Western Cape offered assistance daily. About 80 pupils now get free assistance and lunch each day. Food contributions have come from, among others, the DRC "Groote Kerk" in Cape Town.

# DUITSERS, US HELP SAAM IN KYAMANDI


**'n Skeepshouer vol opvoedkundige materiaal en speelgoed het uit Duitsland uit Stellenbosch toe gekom...**

**Leerlinge  
van  
Kyamandi  
Hoër  
besoek  
Europa en  
kry  
toerus-  
ting vir 'n  
rekenaar-  
lokaal**

**D**ie Arbeiterwohlfahrt (AWO), 'n organisasie in die destydse Oos-Duitsland wat gemeenskappe help ophef, onderneem saam met die Universiteit 'n skoolprojek in Kyamandi op Stellenbosch.

In Desember 1994 het mnrr Michael Kunze, AWO-voorsitter in Neubrandenburg, by die Europese Parlement in Straatsburg aangebied om 'n projek in Suid-Afrika te befonds. Dit was nadat die Europese Unie 'n bilaterale ooreenkoms met Suid-Afrika gesluit het en 'n feitesending Suid-Afrika toe gestuur is.

Die opvoedkundige projek wat die US en die AWO saam aangepak het, se koste beloop sowat 'n kwartmiljoen rand. Die Europese Unie




en borgskappe finansier dit ten volle.  
'n Skeepshouer – aangepas om as klaskamer te dien en gevul met tweedehandse opvoedkundige materiaal en speelgoed – het uit Duitsland uit Stellenbosch toe gekom. Leerlinge in Neubrandenburg het die speelgoed ingesamel en kleurvolle kunswerke op die houer aangebring. DAL, 'n Duitse skeepsredery, het die houer gratis tussen Hamburg en Kaapstad verskeep.

Die houer is verlede jaar by die Sizamele Kleuterskool geplaas om as leer- en speelsenstrum vir die pre-primêre groep te dien. Dagsorgmoeders in Kayamandi en twee nuwe pre-primêre klasse in Cloetesville gebruik ook die opvoedkundige materiaal. Die dagsorgmoeders moet deeglik opgelei word om die materiaal vir hul speelgroep reg te benut.

Sedertdien het die AWO vier leerlinge en die skoolhoof van die Hoëskool Kyamandi vir 'n maandlange besoek Neubrandenburg toe genooi om die Duitse kultuur beter te leer ken.

Teen April vanjaar het die skool sy tweede skeepshouer uit Duitsland gekry – dié keer vol rekenaartoerusting, wat gebruik is om die skool se rekenaarlokaal in te rig. ■



**Heel bo: Burgemeester Willie Ortell (links) van Stellenbosch het in Kyamandi die Duitsers se skenking van 'n skeepshouer vol speelgoed en opvoedkundige materiaal van die Arbeiterwohlfahrt se voorsitter, Michael Kunze, in ontvangs geneem. Kinders van 'n kleuterskool in Kyamandi (bo) asook in Cloetesville (regs bo) gebruik van die speelgoed en opvoedkundige hulpmiddels wat vir hulle in Neubrandenburg, Duitsland, ingesamel is**

ANTON JORDAN

'n Deurlopende bydrae wat die US oor 'n wye verskeidenheid terreine bevorder.

# VLAMING KRY NUWE MEDALJE

**P**rof Vic Goedseels van die Katholieke Universiteit Leuven (KUL) in België, is die Pro Bene Merito medalje, 'n nuwe eerbewys vir buitengewone diens aan die US, se eerste ontvanger.



COLIN ELLIOTT

**Prof Vic Goedseels met sy medalje by prof Van Wyk**

Die Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk, het die medalje verlede jaar op Stellenbosch aan die Belg oorhandig. Hy is die KUL se dekaan van landboukundige en toegepaste biologiese wetenskappe.

Buitengewone diens word beskou as 'n deurlopende bydrae wat die US oor 'n wye verskeidenheid terreine bevorder.

Goedseels het "onbevange lojaal" alles in sy vermoë gedoen om Stellenbosch te betrek vir Vlaandere se gerigtheid op Suid-Afrika.

Hy het baie bygedra tot 'n uitruiloooreenkoms tussen die KUL en die US en is die vernaamste gasheer wat besoekers uit Stellenbosch in Leuven ontvang. Sy dogter het 'n semester op Stellenbosch gestudeer en sy seun het regskursusse aan die US gevolg.

Die Vlaming se Stellenbosse verbintenis het in 1994 deur die Fakulteit Landbouwetenskappe begin. Hy het Vlaamse regeringsteun vir die uitruil van dosente en studente bewerkstellig.

Sedert 1995 het die twee universiteite tientalle studente en 'n hele aa al dosente uitgeruil. Goedseels het ook 'n groot rol vervul met die reellings vir 'n Vlaamse Week verlede jaar op Stellenbosch en het gesorg dat drie Leuvense dosente daaraan deelneem.

Naas die medalje (ontwerp deur Henri Wirth van die JS Gericke biblioteek) het die Vlaming ook 'n sertifikaat gekry. Hy het aan die KUL gestudeer, werk sedert 1964 daar, dien in verskeie binne- en buitelandse organisasies en het hom as veelsydige akademikus onderskei.

**Hy het baie bygedra tot 'n uitruiloooreenkoms met die Katholieke Universiteit Leuven in België**

## CD van Acáma se kore

**A**cáma Fick dirigeer twee kore op 'n onlangs vrygestelde CD, met werke wat nog nie voorheen op CD, kasset of plaat te hoor was nie.

Acáma Fick in konsert met Afrikaanse koormusiek is saamgestel uit die Universiteitskoor se uitvoerings gedurende 1986-'93 toe sy die dirigent was, asook werke uitgevoer deur die destydse Konservatorium Dameskoor, ook met haar as dirigent.


Die CD is die eerste klankopname-vrystelling van die Dameskoor. Die koor se 1978-lede sal bly wees om te hoor dat die CD opnames bevat van die Hooglied-fragment deur Roelof Temmingh, bekroonde komponis en Acáma se kollega by die Konservatorium.

Dié werk vir vrouekoor en elektroniese sintetiseerdeer is opgeneem in die Endlersaal toe die Konservatorium ingewy is.

Dit is 'n voorbeeld van die wêreldwye komposisieneiging wat in die laat sestigerjare ook op Stellenbosch neerslag gevind het.

Dr Anton Rupert van Stellenbosch se gesin het die nuwe CD geborg. Dit word verkoop ten bate van die Geluksoord-tehuis vir verswakte bejaardes in die Eikestad, waar wyle prof DJ Opperman, ouddosent van die US en 'n bekende digter, ook 'n inwoner was. Oudrektor prof Mike de Vries lei 'n geldinsameling vir dié tehuis.

Die CD is te koop by die tehuis, tel. (021) 887-3124; by Classix on CD (021) 887-3424; en die Konservatorium (021) 808-2335; of CD-winkels kan dit bestel by JNS, posbus 11387, Brooklyn, 0011. Prys R70.



In die winter van 1839, ses maande na die Slag van Bloedrivier, het 'n toevallige besoeker tonele van die rustige lewe aan die Kaap in 'n reeks unieke kunswerke vasgelê. Dié kosbare Africana was meer as 'n eeu in Engeland – tot 'n Oudmatie dit by een van die kunstenaar se nasate gekoop en 30 jaar gelede vir bewaring aan die Universiteit gegee het.

# AFRICANA-SKAT

## WEERSPIEËL KAAP IN 1839



**Bo: Jantjie**

**G**eluk en toeval het verseker dat 'n Switserse gebore Engelsman uit Indië in 1839 'n negentigtal Kaapse tonele geskilder het – en dat dié Africana-skat dertig jaar gelede Stellenbosch toe gekom het.

Solomon Caesar Malan het as brillante jong Switser aan Oxford gaan studeer, 'n Britse burger geword en in 1837 'n professoraat in die Klassieke in Kalkutta, Indië, aanvaar. Sy vrou, Mary, moes weens swak gesondheid terug Engeland toe, en hy vergesel haar tot aan die Kaap – waar hy in die winter van 1839 vier maande vertoeft voordat hy na Indië terug is.

In dié kort tydje skep die 27-jarige Malan as amateur-kunstenaar 91 unieke skilderye en tekeninge in pen, potlood, waterverf en sepiawas: tonele van die destydse Kaapstad en omgewing, asook van sy reis deur Stellenbosch en Franschhoek na Genadendal en vandaar deur die Helderberg-kom terug Kaap toe.

Malan is in 1840 weer vir goed Engeland toe. Onderweg daarheen hoor hy dat sy vrou dood is. In 1842

word hy predikant, hertrou in 1843 en bedien vanaf 1845 vir vier dekades die gemeente Broadwindsor in Dorset. Hy was 82 met sy dood in 1894.

As weetgierige geleerde en briljante oudstudent in die Klassieke het Malan in die laat veertigerjare Sentrals-Asië toe gereis, waar argeologiese opgrawings van die antieke stad Ninevah aan die gang was. Verskeie van sy tekeninge was illustrasiemateriaal vir 'n boek van Layard, die Britse argeoloog wat daar gewerk het.

In 1855 het Malan tydens die Krimoorlog van sy waterverftekeninge aan die Royal Academy geskenk vir 'n geldinsameling vir Florence Nightingale. Van sy sketse is ook as Bybelillustrasies gebruik. Baie van sy oorspronklike tekeninge is in die Britse Museum. Altesaam 1 614 van Malan se kunswerke is opgeneem in tien bande of albums. Die Kaapse werke maak deel uit van die eerste album, getitel India.

Waarskynlik vanweë sy predikantsverpligtinge het hy in Engeland blybaar nie weer geskilder nie, hoewel hy in sy gemeente skilderlesse vir plaaskinders gegee het. Sy





HOOFFOTO: COLIN ELLIOTT

**Hooffoto: Tafelberg vanaf Soutrivier met windmeul. Dié waterverfskildery is op die twee aaneenlopende bladsye van 'n sketsboek. Bo van links: Tafelberg, van agter; Figuurstudies (Maleiers); Fryer se huisie, Wynberg**

kunswerke was destyds, voordat fotografie uitgevind is, die ekwivalent van die hedendaagse toeris met sy kamera – 'n manier om jou reiservarings op te teken!

Sy seun Arthur Noel Malan het destyds 'n biografie van SC Malan uitgegee. 'n Suid-Afrikaans-gebore dokter, Philip Traub, het in 1966 'n eksemplaar daarvan in 'n Londense rommelwinkel raakgeloop, die vlugtige verwysing na die Kaapse tekeninge teëgekom en na baie moeite die werke se eienaar, Edward Malan, 'n nasaat van SC, opgespoor.

**Sy kunswerke was destyds, voordat fotografie uitgevind is, die ekwivalent van die hedendaagse toeris met sy kamera – 'n manier om jou reiservarings op te teken!**

'n Oudmatie, wyle dr Avril Malan, het ook daarvan te hore gekom en besluit om die Kaapse Africana Suid-Afrika toe te probeer bring. Edward Malan was eers teësinnig, maar het later ingewillig om die India-katalogus met die Kaapse

werke daarin teen 'n aansienlike bedrag te verkoop.

Dr Malan ('n oudpolitikus en latere sakeman) het toe die katalogus met 191 werke (waaronder die Kaapse werke asook 90 Indiese tonele) gekoop. In 1968, vanjaar 30 jaar gelede, het hy dit vir bewaring aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk.

Die US het in daardie jaar 'n uitstalling van die versameling aangebied en 'n boek daaroor (wat sedertdien 'n Africana-versamelstuk geword het) uitgegee. In 1979 toe

Stellenbosch sy 300-jarige bestaan gevier het, is 'n deel van die versameling weer uitgestal. En sedert die US in 1991 sy nuwe Sasol Kunsmuseum ingewy het, word 'n deel van die versameling daar permanent vir die publiek ten toon gestel.

Mnr Henri Wirth, restaurateur van die US, het die versameling gerestoureer. Omdat die kunstenaar die werke in sketsboek gedoen het, is van die werke aan weerskante van dieselfde stuk papier – sodat net een daarvan op 'n slag vir uitstalling in 'n raam vertoon kan word. M



**Van bo af: Rotse te Kampsbaai; Ingang tot Drakenstein; Twaalf Apostels met huis**



Die onlangse aankondiging dat 'n bekende antidepressant die middel is wat die meeste in die moderne Westerse wêreld voorgeskryf word, bewys maar net dat die mens nie sy depressiewe gemoedstoestand doeltreffend kan bestry nie.

# LEWENSVREUGDE IS GOEIE MEDISYNE!

**Dit is asof die verlies van lewensvreugde die siekte van ons tyd geword het waarvoor die moderne mediese wetenskap ondanks groot tegnologiese vooruitgang nog nie 'n doeltreffende teenvoeter het nie.**

### Die holistiese benadering

**D**ie moderne geneeskunde se onvermoë om dié versteurde lewensgehalte te oorkom, spruit waarskynlik uit dokters se gebrekke begrip van die holistiese konsep van gesondheid. Dit sluit liggaamlik fisiese gesondheid, intellektuele welstand, emosionele welsyn asook 'n vervulde geestelike lewe in – alles binne 'n ondissekteerbare eenheid.

Die wetenskap wat reduksionalistes te werk gaan (en probeer om net met medisyne te dokter aan mense se fisiese simptome van hul stresverwante psigosomatiese siektes) toon geen begrip vir dié toeslange se interafhangklikheid nie. Die simptome en tekens van hierdie sietketoestande berus op 'n versteurde en ongebalanseerde wisselwerking tussen die liggaam, siel en gees.

Desedae besef die mediese wetenskap egter al hoe meer dat die doeltreffende hantering van psigosomatiese afwykings berus op die *gelykydigheids* herskeping van die mens se liggaamlike, intellektuele, emosionele en geestelike welsyn. Dit kan verkry word deur 'n gesonde, aktiewe lewenstyl met 'n positiewe lewensuitkyk, wat genesing op al vier dié vlakke stimuleer.

Aanvaar jy die verantwoordelikheid vir jou eie gesondheid, word jy as pasiënt die belangrikste vennoot in die behandlingsproses. Dit sluit dus in die ontwikkeling van gesonde streshanterings-tegnieke en die bevordering van jou algemene welsyn en gesondheid met volle inagneming van jou liggaam se unieke vermoë om fisiese gesondheid deur geestelike welsyn te bevorder. Dis alombekend: 'n gelukkige, geintigreerde mens is meer immuun teen verskeie siektes, en kan ook siektes en gebreke op 'n gesonder manier verwerk.

### Linggaamlike gesondheid

Tegnieke om liggaams gesondheid te bevorder en te behou, is al eeue lank bekend. Dit sluit in gesonde diête, beter liggaamlike fiksheid deur wetenskaplik gefundeerde oefenprogramme, die bekamping van substans-misbruik, rookstaak-programme en dies meer. Daar is redelike eenstemmigheid oor die waarde van sulke ingrypingsprogramme, en die wêreld word oorstrom met 'n vloedgolf programme en boeke hieroor. Gesondheidsoorde en oefenkubs, wat almal met wisselende sukses probeer om gesondheid te bevorder, is aan die orde van die dag.



Deur  
**Dawie van Velden**

Oefen- of dieet-programme moet egter nie in isolasie gebruik word nie. Daar word allerweé besef dat maaltye wat in rustige en ontspanne omstandighede geniet word, baie meer tot die gesondheid bydra as die blote verskaffing van die noodsaklike voedingstowwe. Die stimulering van kreatiwiteit deur sport en spel, en die positiewe selfbeeld wat spruit

uit 'n gesonde lewenstyl, strek wyer as net die bevordering van fisiese fiksheid. Dit is ook bekend dat neerslagtige mense geneig is om baie meer passief te wees. Een moontlike behandeling teen neerslagtigheid is die betrokkenheid by sinvolle fisiese ontspanningsprogramme, waar genotvolle liggaamlike aktiwiteite 'n positiewe invloed op die gemoedstoestand uitoefen.


### Intellektueel en emosioneel

Die filosoof Plato (427-344 VC) was oortuig dat die mens se siel sy liggaamlike gesondheid kan verbeter. Die wetenskap was tot onlangs nog skepties hieroor, maar daar is nou al hoe meer bewyse dat die menslike brein onder sekere omstandighede endorfiene kan afskei wat 'n positiewe effek het op jou gesondheid en op jou liggaam se weerstand teen siektes.

Mense met 'n positiewe leweningsteldheid en 'n opgewekte geraardheid het hoër vlakke van dié hormone. Dit is ook wyd bekend dat mense wat skielik kwaai emosionele stres beleef, meer vatbaar word vir 'n verskeidenheid van siektes, soos infeksies en kanker – want dit verlaag die liggaam se immuniteit en weerstand teen siektes en ongesteldhede.

Verstandelike stimulasie, soos voortgesette professionele ontwikkeling, die lees van goede boeke, of musiek maak, het gesondheidsvoordele. Sterk emosionele bande met vriende, familie of selfs troeteldiere, bevorder algemene welsyn. Mense wat gelukkig getroud is met sterke ondersteuningstelsels, lei minder aan psigosomatiese siektes, en het ook 'n langer lewensverwagting as enkellopendes. Toewyding en liefde, of dit nou vir jou huweliksmaat, kinders of familie is, of vir 'n spesifieke stokperdjie of belangstellingsveld, bring die stresvlakte af en help om die lewensvreugde te herstel.

Die ervaring van lewensgenot kan aangeleer word deur positiewe sintuiglike ervarings te stimuleer. 'n Mens moet leer om jou sintuie – sien, hoor, voel, proe en ruik – doelbewus te gebruik om die vreugde van menswees intenser te ervaar. Deur in beheer te wees van jou gevoelslewe, en deur jou emosies bewustelik waar te neem, kan 'n mens self sorg dra



dat dit met jou goed gaan.

Sonder genot, kan daar geen welsyn wees nie. As jy met voorsorg en verantwoordelikheid met jou gesondheid omgaan, is jy in beheer van jou eie ervaringsveld en in staat om tot 'n sekere mate jou eie geluk te skep. Die doelbewuste skep van skoonheid rondom jou wat deur die verskillende sintuie waargeneem kan word, is 'n uitdrukking van die mens se kreatiewe skeppingsdrang wat deur die eeu heen dien as voorbeeld van toewyding om van die wêreld 'n mooier plek te maak. In dié kader val musiek, kuns, argitektuur en die kunswerke van landskapsargitekte wat wêrelwyd vergestalting gevind het in inspirerende komposisies, kunsskatte en verbeeldingryke tuine.

## Geestelike welstand

'n Positiewe gesindheid teenoor godsdienstbeoefening – gereelde kerkbywoning 'n sterk geloofslewe, deur jou in inspirerende literatuur en musiek te verdiep, die waardering van die beeldende kunste, of selfs net eenwording met die natuur – is vorme van meditasie wat, naas die geestelike vernuwing, ook 'n heilsame invloed op liggaamlike gesondheid het.

Motivering vir 'n positiewe ingesteldheid en 'n gesonde lewenstyl berus grootliks op die stimulering van dié vertikale komponent van jou lewe. Aanbevelings vir gesondheidsbevordering sonder inagneming van dié belangrike aspek van holistiese gesondheid, faal dikwels, en is nie blywend nie.

Mense met 'n sterk godsdienstsin kan ook stresvolle lewenssituasies suksesvoller die hoof bied, deur gesonder streshanteringstegnieke toe te pas. Sulke mense begryp die sin van die lewe beter – selfs onder uiters negatiewe lewensomstandighede.

## Herskep jou gesondheid

Die kuur vir dié psigosomatiese sielkwees lê dus in die skep van 'n aktiewe, gesonde lewenstyl, wat terselfdertyd positiewe veranderinge beteken – op die fisieke, intellektuele, emosionele en geestelike vlak.

'n Wandeling in die woud met 'n geliefde kan, naas die stimulering van fisieke fiksheid, 'n emosioneel verrykende ervaring wees, en ook sorg vir geestelike verdieping deur die eenwording met die natuur en die vind van berusting. Dit kom weer alles neer op die doelbewuste herskepping van lewensvreugde sonder om potensieel gevaarlike medisyne te gebruik.

## Ja kan self kies!

Wat 'n mens wel baie duidelik moet verstaan, is dat net jyself dié herskeppingsproses kan doen. Dis elkeen se eie keuse – niemand anders kan dit vir jou doen nie.

Gesondheid se verskillende dimensies is ook nie los van mekaar nie. Dis synergies en interafhanglik. Fisieke gesondheid beïnvloed jou verstandelike en intellektuele welsyn, en jou geestelike krag werk positief in op jou sosiale integrasie. Verbeter een dimensie, skep dit die platvorm om 'n ander dimensie te hermu. Intellektuele ontwikkeling skep geleenthede om te dink, te leer, te skep en aan te pas. Versterking van die geestelike dimensie, stel jou weer in staat om jou lewe te rig volgens sekere vaste beginsels gebaseer op persoonlike groei en innerlike krag.

## Die uur-'n-dag kuur

**D**aar word voorgestel dat 'n uur elke dag opsygesit word om die vier vlakke (die fisieke, geestelike, sosiale en intellektuele) te herskep. 'n Mens moet self dié proses beheer, deur pro-aktief hierdie gesondheidsbevorderende bedrywighede in jou lewe te integreer. Dit moet 'n ononderhandelbare beginsel-gebaseerde gewoonte word.

Waarom kry die moderne diagnosties-kuratiële geneeskunde nie 'n eenvoudige kuur vir gesondheidsafwykings wat deur 'n ongesonde lewenstyl ontstaan nie? Omdat daar hoofsaaklik gekonsentreer word op die hanteering van die liggaamlike gevolge van die mens se reaksie op stres. Eerder as dié simplistiese benadering moet daar by die probleem se kern uitgekom word – die holistiese hantering van die psigosomatiese siektes wat spruit uit 'n oorweldigende of ontoepaslike stresreaksie. Dit kan lewensvreugde demp, met al die sosiale implikasies wat daar mee saamgaan.

Een van 'n mens se beste eienskappe is dat jy jouself doelbewus kan vernuwe. Dié herskeppingsproses is die hoeksteen van lewenstyl-modifikasie. Die sleutel tot suksesvolle ingryping is die motivering om te verander. Soms is 'n catastrofe nodig voordat 'n pasiënt met erns sy destruktiewe lewenstyl begin verbeter.

Maar waarom wag vir toestemming om te lewe! As die herskeppingsproses op beginsel gebaseerde riglyne gegronde is, is die motivering baie eenvoudiger want dis 'n rasionele wilsbesluit.

**"Orandum est ut sit /  
Mens Sana in  
Corpoere Sano"**

het die Romeinse satirikus  
Juvenal (60-130 nC) gesê.

**Laat jou gebed wees dat  
'n gesonde gees 'n  
gesonde liggaam huisves**

When it comes to funding the future for South Africa's tertiary education system looks bleak. By way of illustration, the country's universities recently indicated they were owed up to R500 million in outstanding fees, and some of them took to locking out students who did not pay up.

# FINDING FUNDS FOR TERTIARY EDUCATION

**E**ducation Minister Sibusiso Bengu has stressed time and again that providing free tertiary education is beyond government means and increased levels of funding are unlikely.

Last year the state picked up the tab for just over 65 percent of universities' costs, with the balance being covered by student fees and donor funding. Educators are worried they may fall even further which would necessitate fees going up.

What this all means is that those who want tertiary education are, to an ever increasing degree, going to have to pay for it themselves.

According to Chris de Beer, who is in charge of student fees at the University of Stellenbosch, the cost of tuition went up nine percent this year, slightly less than the 9,4 percent in 1996/7. In a bid to keep fees under control, the university has embarked on a cost-cutting programme, which focuses mainly on reducing non-academic staff. De Beer expects fees to climb at between seven and 10 percent for the next two or three years, and the cost of residence to do the same.

Sanlam education consultant Maggie Fyfe has worked out that at current rates a three-year BCom at the university should cost about R59 000 including residence or private accommodation, assuming that the students eat about half their meals. De Beer estimates that calculated on the same basis, a medical degree will cost between R140 000 and R160 000.

Andrew Foster, a consultant at Old Mutual, says a major problem is that people have tended to treat education in the same light as groceries – something to be funded out of household expenditure. But with the cost of education, especially good schooling, climbing at a rate in excess of inflation, only a select rich few will be able to continue doing this.

By way of example Foster says that since the late 1980s the price of bread and milk has trebled, while the cost of state-funded school education has gone up as much as 13 times.

He expects tertiary education to become increasingly expensive as a result of diminishing government funding levels. The state simply has not got the money to fund universities at current levels and tertiary education is still seen as elitist, Foster explains.

The fees students currently pay for a number

By Mike Cohen

of courses are also unrealistically low, he says.

The sooner parents start making provision for their children's education the better – when they are born is the ideal time to start.

A number of financial institutions, amongst them Old Mutual, Sanlam, Southern Life, Metropolitan Life and all the major banks, have a plethora of products on the market specifically designed for funding education. Most are based on either a share or unit trust-linked investment plan, a form of endowment policy or a combination of both of these. Some products incorporate a form of life cover to ensure the child's education is provided for if the parent dies.

Fyfe says the optimal product will depend on the financial circumstances of the family concerned.

Almost all institutions recommend contributing a minimum monthly premium of R50 and that this be upped to take account of inflation and burgeoning fees. On average payments should increase by about 10 percent a year. However fully funding a child's university does not come cheap.

## Disciplined, dedicated saving

Fyfe says that based on very rough calculations, in today's terms a parent will have to put away about R200 a month from the time their child is one year old to pay for a three year degree and accommodation by the time they are 18. This assumes that contributions increase by about 10 percent a year and the investment they are paid into grows by about 12 percent annually.

The common thread behind education funding plans is that they encourage disciplined, dedicated saving. The endowment policy options usually ensure that the money cannot be accessed on a whim and that any capital investment is not eroded.

In light of the recent turmoil on the stock market, another way of funding tertiary education bears thinking about.

When a child is born their parents should consider buying a small investment property and renting it out – which should cover most of the bond. When the child is ready to start university, the property will almost be completely paid off, and can either be sold to pay their fees or it can still be rented out, with the money being used to pay for education.

This option also ensures saving discipline,

**For more details of the bursaries available from the University of Stellenbosch, access its Internet site at:**  
<http://www.sun.ac.za>

and provided the property is in the right area it is less risky than the share market. Fyfe says that more and more parents are making saving for their children's education a priority.

### Other options

For those who did not or could not save for their child's tertiary education, all is not lost.

The best-case scenario would be for a student to qualify for a bursary or scholarship. Details of those on offer can be got from the relevant tertiary institution.

For more details of the bursaries available from the University of Stellenbosch, access its Internet site at: <http://www.sun.ac.za/>

According to Sam de Beer who heads the university's bursary and loan scheme, an undergraduate student's eligibility for a bursary and/or loan is evaluated according to their financial need and academic performance.

Financial need is assessed according to their parents' income and how many (of their) children's tertiary education they are funding. Any special circumstances affecting the family will also be taken into account, as will their access to other sources of income.

The university requires students to apply separately for bursaries for each year of study. Some bursaries are granted for the normal duration of an undergraduate course, and for them to be renewed, the student must pass at least two-thirds of their credits.

The big plus of getting a university bursary loan is that no interest is charged while the student is studying and when the student begins to pay back the loan, currently only half the prime rate is charged by the university's bankers. Bursary loan scheme holders who graduate with an average of more than 70 percent are exempt from all interest, De Beer says. But those who fall behind in their repayments lose all concessions, and are charged interest at prime.

The amount of the loan will depend on the student's financial need and is usually between R1 000 and R5 000. Those who qualify for University of Stellenbosch bursaries don't have to pay any interest while they are registered students. Once they leave the university, they will then be liable for regular repayments, with the full loan to be paid back within a period not longer than that for which the loan was granted.

A number of companies also offer students bursaries, often with the



proviso that the students come and work for them afterwards.

De Beer warns that students who already have been granted a bursary for more than R9 000 will only be granted a student bursary in exceptional circumstances.

### Loans

If a student fails to get a bursary or needs to make up the shortfall in the amount of funding they need, there are a number of alternate financing options available.

According to Chris de Beer, the most common way for students to pay for their studies is to take out a personal loan.

Most banks offer student loans at favourable interest rates – De Beer says they currently range between nine and 16 percent.

During the study period, most banks require that only the interest portion of the loan is repayable, with the balance of the capital repayable on completion of the student's education. The loans are usually repayable over the same term as the original loan was taken.

## TERTIARY EDUCATION FUND OF SOUTH AFRICA

**T**he state does make limited funding available to students through the National Student Financial Aid Scheme, which was launched by Bengu in 1996. This funding is administered by the Tertiary Education Fund of South Africa (Tefsia) and is reserved for financially strapped and academically competent students. The maximum Tefsia loan handed out is R12 100, the minimum R900. Up to 40 percent of the total loan could be converted into a bursary if the student's results are good enough. The terms of repayment will depend on the student's income when he/she starts working.

Tefsia charges low rates of interest – last year they were set at 8.9 percent but from April 1st this year they rose to 9.9 percent. Last year about 60 000 students countrywide benefitted from these loans to the tune of about R300 million. The state contributed about R200 million of this with the balance coming from donor funding.

## MATIELAND HET MET LEEDWESE VERNEEM DAT DIE VOLGENDE

**M**nr **Impi Brechter** (64) van Pongola, KwaZulu/Natal, 'n suikernietboer van dié distrik; BComm (1953); oud-Dagbreker; sy vrou, Emma, is ook 'n Oudmatie.

**Mej DM (Dorette) Britz** (24) van Durban, 'n onderwyses; B. in Huish. Ed. (1994) en oud-inwoner van Huis de Villiers; was in haar studentejare betrokke in 'n ernstige motorongeluk buite Stellenbosch.

**Ds MS Daneel** (84) van die Strand (BA 1933); oud-Wilgenhoffer.

**Mnr JPN de Jongh** (79) van die Strand; B.Sc., SOD en spesiale student in Opvoedkunde (1941, '42, '63).

**Mnr Jean H de la Harpe** (75) van Northcliff, Johannesburg; BSc Ing (1945); oud-Dagbreker.

**Dr AJ (André) du Toit** (84) van die Strand, voorheen die Paarl; B- en MSc in Landb., albei met lof (1935, '37); bekende in wynbedryf en lank KWV-voorsitter; o.m. Volkskas-voorsitter en direkteur van ander maatskappy; betrokke by instelling van US-professoraat in wynkunde; ontvang US-eredoktorsgraad in 1972.

**Mnr Dawie du Toit** (52) van Pietermaritzburg; BSc, SOD, MEd (1966, '86); oud-Dagbreker; wiskundevakadviseur en later direkteur in Natalse onderwysdepartement; sedert 1996 uitvoerende hoof van 'n kollege; voorsitter van Wiskunde Olimpiade Komitee en medeskrywer van handboekkreeks.

**Mnr PS (Piet Spiere) du Toit** (61) van Hermanus; BComm (1957); afgestreden wingerdboer van Riebeek-Kasteel; het rugby gespeel vir Maties-earstespan, WP en Boland asook gedurende 1956-'62 in 'n hele aantal Springbok-toetse; getroud met mede-Oudmatic Barbara de Kock (HPOD).

**Mnr MAH (Angel) Engelbrecht** (80) van Pretoria; BA, SOD (1938, '40); oud-Dagbreker en bet vir Maties-earstespan rugby gespeel; het as hoofinskrywer van skole afgetree; skrywer van skole-handboeke; was kommandant in die weermag en Springbok-skut; getroud met mede-Oudmatic Mimmie Britz, 'n oud-Sonopper.

**Dr PR Enslin** (73) van Brooklyn,

Pretoria; BSc (1943) en oud-Wilgenhoffer.

**Mnr Martinus J Hattingh** (57); B.Sc., SOD, MEd (1961, '62, '87); onderwyser in Oos-Londen, adjunkhoof op Porterville en skole-inskrywer in Oos-Kaap tot afgrede in 1995; getroud met mede-Oudmatic Laetitia Botha, oud-Lydianner.

**Mnr WJ ('Heuweltjie') Hills** (58) van Pietermaritzburg; BA, LLB en oud-BTKaner; voorheen magistraat in Transkei en met sy dood verbonde aan die regsafdeling van KwaZulu/Natal se regering.

**Mev AS (Anita) Honiball** (geb. Lombard, 73) van Pretoria; BA in Maatsk. Werk (1946) en oudinwoner van Harmonie; was tot haar afgrede verbonde aan die Departement Volkswesyn en Pensioene in Pretoria.

**Mnr Jan GJ Horn** (73) van Somerset-Wes, voorheen van Kroonstad; afgestreden inskrywer-sielkundige in Vrystaat (vroeër ook Natalse) onderwysdepartement; BA, MA in sielkunde, SOD (1944-'47); oud-huiskomiteelid van Dagbreek en oud-SR-lid; Matie-krieketkaptein en eerslespan-rugbyspeler; WP-rugbyspeler, Natalse rugbykaptein, Vrystaatse rugbykeurder en president van Noord-Vrystaatse rugbyvereniging asook OVS-swemvereniging; getroud met oudinwoner van Huis de Villiers, Petronella Nepgen.

**Me Melanie Horne** (42) van Stellenbosch; klavierdosent aan die US Konservatorium en begaafde pianis; het BMus by Ikeys behaal en ook aan Engeland se koninklike musiekcollege en die Arizona-staats-universiteit in die VSA gestudeer; onderraan in Desember 1997 'n geslaagde hartoerplanting by die Groot Schuur Hospitaal in Kaapstad, byna presies 30 jaar nadat wêreld se eerste hartoerplanting daar gedoen is; in Februarie skielik oorlede; het ondanks siekte in 1997 deel van MMus-studie voltooi.

**Prof Ernst Jokl** (90) van Lexington, Kentucky, VSA; stigter-hoof van US se Departement Menslike Bewegingskunde (aanvanklik Liggaamsopvoeding) in 1936 '37; ook dié studierigting se grondlegger in Suid-Afrika; vlug as Jood uit Nazi

Duitsland na Suid-Afrika; was mediese dokter en direkteur van 'n sportgeneskunde instituut in Duitsland asook hekkies- en nael-loopplateel van Olimpiese formaat; uit Johannesburg waar hy aanvanklik was, Stellenbosch toe genooi om LO-departement met geldsteun van VSA se Carnegie-korporasie te begin; hierin bygestaan deur sy vrou, Erica, wat saam met hom uit Duitsland gevlug het; sy naam is in Afrikaans vasgelê toe die Maties die kursus "jokkel" noem en die woord van Stellenbosch af versprei om neerslag

vakkongres voor elke Olimpiese Spele na hom vernoem word.

**Mnr GP (Gerhard) Jordaan** (52) van Stellenbosch; BA, LLB; regsdirecteur van Wes-Kaapse streekdienstraad voordat hy om swak gesondheid bedank; seun van wyle prof Piet Jordaan, eertydse US-botaniedosent.

**Mnr IB Jordaan** (79) van Marlands, Germiston; B.Sc (SOD, 1937, '38).

**Mnr JL (Vici) Jordaan** (76) van Stellenbosch; BComm (1960); was verbonde aan die destydse Departement Ontwikkeling (nou Bemarking en Kommunikasie) by die

### Van links:

**Prof Ernst Jokl**  
**Prof Hulme Moolman**  
**Prof Hannes Olivier**



**A**gt Maties is die afgelope maande oorlede, meestal in padongelukke. **Derick van der Merwe** (19) van Stilfontein, is in Desember, pas nadat hy sy eerstejaar BA Drama voltooi het, in 'n motorongeluk dood. Op Nuwejaarsdag het vier Maties in 'n motorongeluk buite Kaapstad gesterf. Hulle was **Christine Hattingh** (22) van die Paarl, wat pas haar Hons BComm graad voltooi het, **Alzane Shaw** (22) van Worcester wat BA voltooi het en vir die nagraadse diploma in vertaling sou inskryf, **Gerhard Mouton** (20) van Somerset-Wes, wat grafiese kuns gestudeer het, en **Fabian Streuber** (20) van Stellenbosch, wat die

in Afrikaanse woordeboeke te kry; tot 1950 doen Jokl baanbrekerswerk van landsbelang vir o.m. SA regering en Olimpiese Vereniging; werk in Tweede Wêreldoorlog as weermag-raadgewer saam met Danie Craven wat later jokkeldepartement was; na kort verblyf in Duitsland vestig Jokl hom in 1953 in die VSA as professor en direkteur van oefening navorsingslaboratorium, Universiteit van Lexington; lewer wêreldwyd reusebydrae tot sportwetenskap en -genesekunde, o.m. as stigterslid van die internasionale raad bieroor; is o.m. vereer deurdat openingslesing by

US, waarna hy 'n soortgelyke pos aan die UPE beklee het en tot sy afgrede in 1983 vir 15 jaar aan Unisa se kantoor in Kaapstad verbonde was.

**Mnr DJ Kotze** (54) van Waterkloof, Pretoria; BSc en Hons BSc (1966, '71); oud-Helderberger.

**Mev Joan Catherine Kroon** (geb. West, 36) van Somerset-Wes; 'n prokureur; BA, LLB (1981 '83) en oudinwoner van Heemstede.

**Mev ML (Matty) Landwehr** (geb. Maritz, 78) van Linden, Johannesburg; BA, SOD (1940, '41).

**Mev EM Lombard** (geb. Theron, 96) van Tulbach; BA, HSOD, MA in Afrikaans (1922, '24, '29).

# OUDMATIES, US-PERSONEELLEDE EN MATIES ONLANGS OORLEDE IS:

**Dr Pieter Z Loots** (90) van die Paarl; BA (1929); B-, MTh aan Kweekskool; oud Wilgenhoffer; behaal doktorsgrade aan UK en UOVS; predikant op o.m. Bethlehem en in Paarl; bevorderaar van Afrikaans; skrywer van boek oor Afrikaanse taalstryder SJ du Toit.

**Mnr DG Malan** (61) van Randparkrif, Gauteng; B.Sc (1956) en 'n oud-Dagbreker.

**Prof J Hulme Moolman** (46) van Stellenbosch; B-, HonsB- en M.Sc in Landb. asook PhD (Landb.) en 'n oud-Eendragter; hoof, Departement

Bloemfontein; BA, LL.B (1945, '47). **Mnr David Müller** (72) van Stellenbosch; Sert. in Koorleiding (1955); 'n afgetreden Konservatoriumdosent wat verlede jaar oorlede is nadat hy lank siek was; van 1954 tot sy afrede in 1986 'n klavierdosent aan die US; het onder meer in Zurich, Switserland, gestudeer; was voorheen ook aan die Potchefstroomse Universiteit verbond; het ook baie jare as 'n eksaminator vir Unisa opgetree. **Mnr JP Nell** (46) van Grahamstad; B.Sc, SOD, BEd (1973, '74, '77).

die Departement Ou en Nuwe Testament, Fakulteit Teologie; was die eerste Suid-Afrikaner wat Jordanië toe genooi is vir deelname aan kongresse en argeologiese opgrawings; was 'n Bybelse argeoloog van formaat; het uitgebreide studiereise ondemeem na die Midde-Ooste en Europa; het o.m. navorsing gedoen by universiteite in Tübingen en Kiel in Duitsland, Atlanta in die VSA, Tel Aviv in Israel en die School of Oriental and African Studies in Londen; was lid van nege internasionale vakgerigte verenigings; het heelwat in samewerking met buitelandse en plaaslike geleerde gespubliseer.

**Genl-maj Edwin AC Pienaar** (69) van Stellenbosch; BA Admissie (1951) en oudinwoner van Huis Visser; verruil kansel vir weermag toe hy in 1949 by SA Lugmag aansluit; eerste SA vlieënier wat Russiese Mig in Korea kon afskiet; ontvang dekorasie van Amerika; etlike jare verbondé aan 'n Franse militaire kollege in Parys en was Frans baie goed magtig; afgetree in 1984 as inspekteur-generaal van Lugmag; onder meer ereburger van sy Vrystaatse geboortedorp, Viljoenskroon.

**Oud-hoofregter PJ (Pierre) Rabie** (80) van Waterkloofrif, Pretoria; BA, MA in Latyn, MA in Grieks en LLB, alles met lof; behaal doktorsgraad in Latyn in Michigan, VSA; dosent in Klassieke Tale op Stellenbosch en studeer daar in regte; advokaat, later senior advokaat in Pretoria; veertienwoordig Suid-Afrika in SWA-saak (1965) in Internasionale Gereghof, Den Haag regter, later appelleerregter, vanaf 1982 die hoofregter; voorsitter van ondersoekskommissies na regshersiening en veiligheidswetgewing; kry in 1982 US-eredoktorsgraad.

**Mnr Piet Retief** (74) van Hermanus, voorheen Stellenbosch; BEd (1947); oud Dagbreker; was tot sy afrede baie jare hoof van die Sportkantoor

(tans Sportburo) aan die US; is op besoek aan Australië aan 'n hartaanval dood.

**Mev HCJ Rust** (geb. Hugo, 91) van Jeffreysbaai; LSOD, 1927.

**Mnr Johann Sippel** (79) van Stellenbosch; was vir 34 jaar (1945-'78) senior lektor in struktuuringenieurswese aan die US; een van die Ingenieursfakulteit se vroeëste dosente; o.m. bekend vir sy wyer om Afrikaans as ingenieurstaal te vestig asook vir sy fenomenale geheue en vermoë om ingewikkeld hoofberekening te doen; ook vennoot in 'n raadgewende ingenieursfirma op Stellenbosch; het bykans 60 jaar as ingenieur gewerk.

**Mnr JC Taljaart** (72) van Lucasrand, Pretoria; BA, MA (1953, '59); oud-Dagbreker.

**Mev C (Ina) Toerien** (geb. Van Zyl, 73) van die Strand; BA, SOD, 1945 en 'n oud Monicaner.

**Mnr C (Pakkels) van der Ryst** (58); BSc, Bing (1961); met sy dood direkteur van landbou-ingenieurswese in Oos-Kaapse Departement Landbou en Grondsake; vroeér medeprofessor, UOVS; oud-Dagbreker asook oud-huiskomiteelid van Eendrag; het vir Maties eerstespan rugby gespeel; getroud met mede-Oudmatie Louisa Conradie (B.Sc); een van hul vier kinders, Louisa, studeer in 1987 as ingenieur aan US af.

**Mnr CA van der Walt** (73) van Potchefstroom; BA (1945).

**Dr J van Dyk** van Port Shepstone; MB, ChB (1979).

**Mnr AG (Attie) van Wyk** (76) van Port Elizabeth; HPOD, Sert. in LO (1941, '45); was bykans sy hele loopbaan as onderwyser in Port Elizabeth.

**Mev Jeanette van Wyk** (geb. Du Preez, 52) van Selcourt, Springs; BA en Hons in Maatsk. Werk (1963, '66).

**Mnr PJS van Zyl** (28) van Bloemfontein; B- en M.Ing (1991, '94); dood in fietsongeluk.

**Mev MM Vivier** (geb. Buhr, 93) van die Strand; Hoer Prim. Sert. in Onderw. (1920); suster van wyle Johann Buhr, legendariese SR-voorsitter uit die dertigerjare.

**Adm JAC Weideman** (63) van Simonstad; BMil, Natuurwetenskap (1957).



kursus BA (Besigheidsbestuur) gevvolg het. Mouton se pa is aan die US Bibliotekdiens verbondé en Streuber se pa is 'n dosent in Beeldende Kunste. 'n Week later sterf **Cathy Ipser** (22) wat vanjaar met LLB sou begin, in dieselfde omgewing in 'n motorongeluk. Teen die einde van Januarie is 'n BScAgric-student, **Bennie Janse van Rensburg** (19) van Prince Alfred Hamlet, naby Stellenbosch in 'n motorongeluk dood. **Hans-Walter Boshoff** (21), 'n finalejaar BComm-student wat in 1994 hoofseun, rugbykaptein en briljante matrikulant aan die Hoërskool Piet Retief was, is op Stellenbosch vermoor.

Grond- en Landbouwaterkunde, US; eers aan Rhodes-universiteit verbondé; US-dosent sedert 1989; president van SA Grondkunde-vereniging wat hom vir diens aan landboubedryf vereer het; bied ook in die buiteland referate aan en was daar 'n gasdosent; seun van SR-oudvoorsitter ds Danie Moolman van Port Elizabeth.

**Ds AP ('Moks') Morgenthal** (86) van Port Elizabeth; BA, MA (1933, '36) en sy opleiding aan die Kweekskool; was predikant in Port Elizabeth, Pearson, Tivervlei, Windhoek, Pietermaritzburg, Mosselbaai en Jansenville.

**Mnr DW Morrison** (72) van

**Mej AC Niehaus** (93) van Worcester, BA, HSOD (1926).

**Prof JPJ (Hannes) Olivier** (53) van Stellenbosch; BA, Hons, MA, DLitt (1965-'70); was vanaf 1969 sy hele loopbaan as dosent aan die US verbondé, eers aan die Departement Ou Nabye Oosterse Studie (voorheen Semitiese Tale) en tot sy dood aan

**Weet u van enige Oudmatie wat onlangs oorlede is? Stuur asseblief kort besonderhede oor die oorledene se ouderdom, loopbaan, ens. (soos in die beriggies op dié bladsye) aan die pos-of e-pos-adresse of faksnommer op bl. 1. Meld asseblief die oorledene se studentenommer of geboortedatum.**

Akademici, sakeleier, regsgleerde en kunstenaar word vereer.

# DRIE OUDMATIES ONDER VYF WAT EREGRADE KRY

**O**udmaties dr Christo Wiese, prof Francois Retief en prof Friedel Sellschop is onder die vyf mense wat onlangs eredoktorsgrade aan die US ontvang het.

Wiese is in Desember vereer, en die ander twee in Maart. In Desember het die Universiteit ook eregrade verleen aan gewese appèlregter Leonora van den Heever en aan die gevierrede kunstenaar Gregoire Boonzaier.

Friedel Sellschop het diep spore getrap in die fisika en die breë natuurwetenskappe in Suid-Afrika. Hy het in Pretoria gestudeer, MSc met lof aan die US behaal en ook in Cambridge, Engeland, gestudeer. Hy was die stigter-direkteur van Wits se navorsingseenheid vir kernfisika asook daardie universiteit se dekaan van natuurwetenskappe en later viserekotor (navorsing) tot 1996.

Leonora van den Heever is 'n oudstudent van die UP en die Vrystaatse Universiteit. Sy was appèlregter in die destydse Bophuthatswana en sedert 1991 in Bloemfontein. In die regswese is sy bekend vir die helder en onomwonde taalgebruik in die uitsprake wat sy lewer. Sy het besondere bydraes gelewer deur haar pioniersloopbaan asook tot die erkenning van vrouerigte, nie net in die regsberoep nie maar in die breë samelewing.

**Dr Christo Wiese,  
Leonora van den Heever  
en Gregoire Boonzaier,  
met die toekenning van eregrade deur die US aan hulle in Desember verlede jaar**



ANTONIE CARSTENS



ANTON JORDAAN

**Proff Friedel Sellschop (links) en Francois Retief het by die Universiteit se gradeplegtigheid in Maart hul eredoktors-grade ontvang**

**Christo Wiese** het BA en LLB op Stellenbosch behaal. Na enkele jare as advokaat, betree hy die sakewêreld. As uitvoerende voorsitter van Pepkor sedert 1981 brei dié winkelgroep uit tot een van die grootste soortgelykies in die land. In 1993 word Boland Bank oorgeneem, en in 1996 volg die amalgasie met NBS. Sy filosofie is: Mense behoort die waarde van die vrye ondernemingstelsel te begryp, en moet rykdom sonder staatsinmenging help verdeel.

**Francois Retief** het na sy opleiding aan die Universiteit van Kaapstad dosent aan die US se geneeskunde-fakulteit geword, en daar MD behaal. Hy het ook in die buiteland gestudeer. In 1971 is hy na die Vrystaatse Universiteit om as dekaan 'n nuwe geneeskunde-fakulteit te vestig. Nadat hy ook eerste voltydse rektor van Medunsa asook direkteurgeneral van die destydse staatsdepartement Gesondheid en Welsyn was, dien hy die Vrystaatse Universiteit as rektor en visekanselier tot April 1997.

**Gregoire Boonzaier** is vir sy bydrae as Suid-Afrikaanse skilder deur die US vereer. Twee ander universiteite, Wes-Kaapland en Vrystaat, het ook reeds eredoktorsgrade aan hom verleen. Hy het ook toekenings van die SA Akademie en die SA Kunswereniging (Wes-Kaap) gekry. Boonzaier is al beskryf as 'n kunstenaar in wie "die twee pole van konserwatisme en liefde vir die nuwe, die eksperimentele" gesien kan word.

## 'Prof Bun' tree uit by Konvokasie, Theo Pauw die nuwe president

**Prof Bun Booyens (links) het einde verlede jaar na agt jaar as president van die Konvokasie uitgetree. Sy opvolger is prof Theo Pauw (regs) wat die visepresident was. By hulle is die Konvokasie se nuwe visepresident, prof Mike de Vries, wat in 1993 as rektor en visekanselier van die Universiteit uitgetree het.**



ANDRÉ CRONJE



Oudmatie  
dr Jan  
Visser:  
Deur NPI  
vereer

## Dubbele wêreldeer

**D**r Jan Visser, die SA Nasionale Produktiwiteitsinstituut (NPI) se uitvoerende direkteur, het by 'n wêreldkongres in Chile twee eerbewyse gekry. Hy het slegs die tweede ontvanger geword van die Wêreldkonferensie van Produktiwiteitswetenskap (waarvan hy 'n raadslid is) se voorsitters-toekenning. Daarby het hy ook die Wêreld-akademie van Produktiwiteitswetenskap (waarvan hy 'n genoot is) se presidentstoekenning gekry. Visser (wat ook president van die Pan-Afrika Produktiwiteitsassosiasi is) het in 1975 'n doktorsgraad in bedryfsekonomie aan die US behaal. Hy het 'n eredoktorsgraad van die UP, waar hy 'n buitengewone professor is.

M

# TWEE HOOFDE BETER AS EEN!

**P**roff Eefke en Dave Beyers is 'n Pretoriase Oudmatie-egpaar met 'n uitsondelike onderskeiding: Elkeen is hoof van 'n sielkunde-departement – sy by Unisa en hy by Tukkies.

Sy het as 'n nooi Meiring uit die Noordkaap in 1959 op Stellenbosch afgestudeer voordat sy met 'n studiebeurs Australië toe is. Na 'n skoolhou-tydjie op Stellenbosch is sy in 1968 by Unisa aangestel, waar sy in 1983 'n doktorsgraad behaal het, in 1989 professor geword het en sedert voorverlede jaar departementshoof is. Dave Beyers, 'n boorling van die Overberg, het in 1965 by die Stellenbosse Kweekskool afgestudeer en was predikant in Kemptonpark



**Die egpaar, proff. Eefke en Dave Beyers, beide Oudmaties, onderskeidelik die hoofde van die departemente Sielkunde van Unisa en UP in Pretoria**

en op Oshakati in Namibië. Hy is akademikus sedert 1972, by Unisa, die UOVS (waar hy sy doktorsgraad in 1979 behaal het), die RAU (waar hy ook departementshoof was) asook die UP (waar hy in 1994 aangestel is en verlede jaar departementshoof geword het).

'n Oudmatie, ds Eben Odendaal, het Eefke en Dave in 1968 op Kemptonpark getrou. In hul Matiegare was hulle saam in die Universiteitskoor (onder prof Philip McClachlan se leiding) en was een van die destydse "koorhuwelike." Die Beyersse het drie kinders, waarvan twee nou Maties is: Meiring, 'n M-student in die ingenieurswese, en Cornelia, 'n sesdejaar geneeskundestudent.

M

# FAMILIE SPOG MET SESDE GESLAG BY US

Lieze-Ann Roediger, 'n eerstejaarstudent in Verpleegkunde, maak aanspraak daarop dat sy die vyfde geslag Maties in 'n deurlopende familielyn is – en die sesde geslag met 'n US-verbintenis.

Die bande strek terug na haar oor-oor-oopa-grootjie prof Nicolaas Hofmeyr, een van die Kweekskool se eerste twee professore. Hy was 'n grondlegger van die Universiteit se vroegste voor-ganger, die Stellenbosch Gymnasium, gestig in 1866. Die Kweekskool (gestig in 1859) is eers in 1863 as teologiekulteit by die US ingelyf.

Hofmeyr se seun, Charles Louis, het BA behaal aan die Victoria Kollege wat mettertijd uit die Gymnasium ontwikkel het. Kort nadat die kollege in 1918 Universiteit geword het, verwerf CL Hofmeyr se dogter Charlotte Louise (Lucy) ook BA op Stellenbosch. Sy het getrou met Oudmatie Kowie Stofberg, wat lank Paarl Gimnasium se skoolhoof was.

Hul dogter, Helene Stofberg, en haar man,


Manie Bekker, was Maties in die veertigerjare. Sy het 'n onderwysersdiploma behaal. Hy het in die landbouwetenskappe gestudeer en as rugbyspeler naam gemaak.

In 1972, net meer as 'n kwarteeu gelede, was die Bekkers se dogter, Louise, 'n eerstejaar-Matiel (BA met LO) en inwoner van Heemstede. Matieland het toe 'n berig geplaas oor Louise as "vyfde geslag in 'n deurlopende Matielyn."

Sy het ook getrou met 'n Oudmatie, dr Andy Roediger. Hulle het op Stellenbosch gewoon toe hul dogter, Lieze-Ann, in 1979

gebore is, het later verhuis maar bly nou weer in die Eikestad. Lieze-Ann het verlede jaar daar gematrikuleer. Dr Roediger se raadgewende firma in die plastiekbedryf het noue bande met die US se Instituut vir Polimeerwetenskap.

Drie van Lieze-Ann se vier grootouers was Maties. M



**Lieze-Ann Roediger voor die Kweekskool by die standbeeld van haar oor-oor-grootjie prof Nicolaas Hofmeyr (sittende) en prof John Murray, die Kweekskool se twee eerste professore**

Is Lieze-Ann 'n rekordhouer sover dit Matiebande betref? Laat weet asseblief as u familie of 'n ander een van wie u weet, met 'n buitengewone Matie-verbintenis kan spog. Skryf aan die adresse op bl.1.



## Groot prysgeld vir robotjie

Marisa van Rooyen, 'n 1998-finalejaarstudent in bedryfsingenieurswese, is die Jac van der Merwe prys vir innovasie se nuutste ontvanger – vir haar mobiele robot wat blitzvinnig sy pad oor 'n besige fabrieksvloer kan beplan. Sulke vrylopende robotte verskuif en vervoer allerlei materiale in 'n fabriek. Maar verander die fabriek se vloeruitleg, kos dit ingewikkelder, tydrowende wiskundige prosesse voordat die robot sy nuwe hindernisse "raaksien". Marisa het in Nasa, die Amerikaanse ruimte-administrasie, se tuisblad op die Internet 'n idee raakgelees wat nog nie tevore toegepas is nie. Sy het toe 'n nuwe blitzvinnige metode ontwerp waarvolgens die robot binne sekondes die kortste moontlike pad oor 'n fabrieksvloer beplan. Die vloer word uiteengesit met positiewe en negatiewe ladings wat onderskeidelik die hindernisse en bestemming voorstel. Met 'n rekenaarprogram wat Marisa geskryf het, bepaal die robot dan sy pad. Die prys van R10 000 is vernoem na Jac van der Merwe, 'n medestigter van M-Net en oudstudent van die Ingenieursfakulteit wat in 1994 in 'n vliegongeluk dood is.

## Geografie behaal driekuns

Sharon Penderis was verlede jaar die derde Matie in drie jaar om as Suid-Afrika se beste meestersgraad-student in geografie aangewys te word. Die Vereniging vir SA Geografe ken 'n medalje hiervoor toe. Sy het dit gekry vir haar studie in stede-



like geografie – waarin sy informele huisvesting en verwante aspekte behandel he. Haar promotor was prof Izak van der Merwe, wat nou dekaan van Lettere en Wysbegeerte is. Die departementshoof, prof Larry Zietsman, was die promotor van die vorige beste meestersgraad-student in geografie, Brendon Wolff-Piggott in 1996, asook Craig MacKay, wat die toekenning in 1995 gekry het.

## Soöloog se plakkaat beste in SA

Mark Maboeta, 'n MSc-student in soölogie, by 'n navorsingsplakkaat waarmee hy in 'n landwye kompetisie die Dierkundige Vereniging van Suidelike Afrika se eerste prys gewen het. Die prys gaan jaarliks aan die nagraadse student wat die beste plakkaat by dié vakvereniging se jaarkongres aanbied.

## Baie buitelanders kry grade

Soes van die talle Maties uit die buitenland wat onlangs gedegradueer het by die Maart-gradeplegtigheid vanjaar saam met Alison April (derde van links) van die US se Buitelandse Kantoor in die Afdeling Bemarking en Kommunikasie. Van links is dr William Mandla van Malawi wat 'n doktorsgraad in teologie gekry het, Robert Schmidt van Duitsland (LLM), Alison wat 'n honneursgraad in politieke wetenskap behaal het, Vincent Louw (Namibië, Honns in bosbou), Sixta Kilambo (Tanzanië, MA in ekonomiese), Federike Schoonheim (Nederland, MA in Afrikaans en Nederlands), Chimuleke Munthali (Malawi, Hon in bosbou) en Peter Ngugi (Kenia, MTh). Studente uit Mosambiek, België en Swaziland het ook by dié plegtigheid "graadgevang". M



# XHOSA PRINCESS TEACHES MATHS TO MATIES

**A**xhosa princess teaching mathematics to mostly Afrikaans-speaking students at Stellenbosch University might sound unlikely but Phethiwe Matutu, the daughter of a Transkei chief, is unfazed by the challenge.

Many people have asked her if she is comfortable at an Afrikaans university like Stellenbosch. "My response is that I believe the best way to change a place is from within," she says. Already Ms Matutu has completed a two week crash course in Afrikaans and jokingly greets her Afrikaans colleagues in their own language in the staff room every morning. In fact she credits two Afrikaners with giving her opportunity to achieve the heights she has in mathematics.

Prof Wesley Kotzé, the head of maths at Rhodes, encouraged her to study for her masters at the university and, at the University of Cape Town, the head of maths, professor Chris Brink (an Oudmatie), took her on for her doctoral studies. The opportunity to lecture at Stellenbosch is another stepping stone in a career that is already beginning to dazzle.

"We cannot continue to label all Afrikaners as bad just because of this country's history. Yes, Stellenbosch University needs to do a great deal to improve its image in the eyes of the majority of South Africans, but we (black people) can start by changing misconceptions," she says.

For example, on a call-in radio programme recently, a DJ asked Matutu if she was literate.

"Does an African accent automatically mean the speaker is illiterate? We have to change this perception."

Matutu moved to Stellenbosch from UCT earlier this year. She began her working career in Qwa Qwa, at the University of the North, after she graduated with a masters' degree, cum laude, from Rhodes.

"My dad wanted me to stay at home and finish my studies at the University of Transkei but the opportunity Rhodes was offering couldn't be passed over. I went against his wishes which was difficult but it launched my career."

Her field of research is general topology which deals with the fundamentals of computer language. At Stellenbosch she teaches the first year course in calculus and hopes to have completed her doctorate, through UCT, by the middle of the year.

"So far the people at Stellenbosch have gone out of their way to make me feel at home and I am confident I am going to be very happy," she says.

Like the majority of black South Africans Matutu's school education was hampered by unqualified teachers who were incapable of stretching their bright young pupil's mathematical abilities.

A lucky twist of fate meant that in standard five, six and seven at the Lower Ngqwara Junior Secondary School near her home, she had a teacher with matric and who loved mathematics. "I can only remember that his name was Mr Magwenthshu and he laid the foundations of my mathematical education."

In senior high school her teachers were only too happy to have a pupil who conquered her maths text books ahead of her class. "I made them look good, she said.

Matutu's daughter, Nolulamo, 13, is also showing an aptitude for numbers. "To do mathematics well, my life has to be balanced. If I have any problems bothering me they have to be sorted out before I can allow my mind to travel into the world of numbers."

The early hours is her most fruitful working time because she can think without interruption. "I write everything down when I am consciously solving a mathematical problem. Sometimes it takes days before the solution is clear and it is during this time which my subconscious goes to work."

She is well aware of the poor state of mathematics education in South Africa's schools. "The key to unlocking education is discipline in the classroom and good, well trained teachers. A teacher with skills can do anything no matter how sparse her resources."

M



By Carol Campbell

**Phethiwe Matutu**  
*"The key to unlocking education is discipline in the classroom and good, well trained teachers"*

## Tien dosente kry toekenning vir voortreflike onderrig

**D**ie jaarlikse Rektorstoekenning vir Voortreflike Onderrig is teen laat 1997 vir die vierde keer verleen aan tien dosente uit bepaalde fakulteite wat dié keer aan die beurt gekom het.

Die toekenning se 1997-onvangers is (in alfabetiese volgorde): dr Jan Botha (Godsdienstkunde), prof Stephen Bradshaw (Chemiese Ingenieurswese), dr Francois Cilliers (Geneeskundige Fisiologie en Biochemie), mev Annetjie du Preez

(Maksillofasiale Radiologie), dr Jurgens Hendriks (Praktiese Teologie en Missiologie), dr Ria Smuts (Didaktiek), dr Willie van der Merwe (Filosofie), dr Pieter van der Westhuizen (Fisika), mnr Roelie van Rensburg (Vervoereconomie en Logistiek) en prof Emile van Zyl (Mikrobiologie).

Hulle kry elkeen ook 'n kontantbedrag wat hulle vir akademiese doeleindes moet gebruik, soos om onderrigmateriaal te ontwikkel, infrastruktuur op te bou,

akademiese byeenkomste elders by te woon, akademiese besoeke af te lê of om binne- of buitelandse studiereise te onderneem.

Die ontvangers is onder meer gekies op grond van die kursusmateriaal wat hulle aangebied, enige aanvullende onderrigmateriaal (soos videoprogramme, rekenaargesteunde onderrigmateriaal, skyfies of transparante) wat hulle gebruik, terugvoerverslae oor hulle uitstudentegeledere en ander bewyse van hul vemuwend werk of navorsing oor onderrig. M

**A PERSOONLIK**

Van: \_\_\_\_\_ Rekening Nr.: \_\_\_\_\_  
 Voornaam: \_\_\_\_\_ Titel: \_\_\_\_\_  
 Voornaam van gade: \_\_\_\_\_ Titel: \_\_\_\_\_  
 Posadres: \_\_\_\_\_ Kode: \_\_\_\_\_  
 Woonadres: \_\_\_\_\_ Kode: \_\_\_\_\_  
 ID Nr.: - aansoeker: \_\_\_\_\_ Geslag: \_\_\_\_\_ Manlik  Vroulik   
 ID Nr.: - gade: \_\_\_\_\_ SA Burger: \_\_\_\_\_ Ja  Nee

**BANKBESONDERHEDE**

	Tjekrek-nr.	Transm.-of Spaarrek.-nr.	Bank	Tak	Sedert
Aansoeker					1 9
Gade					1 9

**AANSOEKER EN GADE SE BESTAANDE KREDIETKAART**

Uitgereik deur	Nommer	Limiet	Jaar uitgereik	Gehou deur

**B** Hoe lank woon u by u huidige adres? Jaar  Hoe lank het u by u vorige adres gewoon? Jaar   
 In watter hoedanigheid? Eienaar  Huurder  Loseerder  Woon by ouers  Geboortedatum: \_\_\_\_\_ 1 9 \_\_\_\_\_

Telefoonnummers Huis: \_\_\_\_\_ ( ) Werk: \_\_\_\_\_ ( )

**C** Huwelikstaat: Ongetroud  Wewenaar/weduwee  Geskei  Getrouw binne gemeenskap van goedere  Getrouw buite gemeenskap van goedere  Datum getroud: \_\_\_\_\_ 1 9 \_\_\_\_\_

**D FINANSIELLE BESONDERHEDE**  
 Bruto jaarlikse inkomste: Aansoeker: R \_\_\_\_\_ Gade: R \_\_\_\_\_  
 Is u al ooit insolvent verkaar: Ja  Nee  Datum van rehabilitasie: \_\_\_\_\_ 1 9 \_\_\_\_\_

**E DIENSBESONDERHEDE**  
 Huidige werkgewer: Naam: \_\_\_\_\_ Adres: \_\_\_\_\_  
 Telefoon: \_\_\_\_\_ Diensjare: \_\_\_\_\_ Hoedanigheid: \_\_\_\_\_  
 Gade se werkgewer: Naam: \_\_\_\_\_ Adres: \_\_\_\_\_  
 Telefoon: \_\_\_\_\_ Diensjare: \_\_\_\_\_ Hoedanigheid: \_\_\_\_\_

**F VASTE EIENDOM**  
 Erfnr/Plaasnaam: \_\_\_\_\_ Dorp/Stad/Distrik: \_\_\_\_\_ Jaar aangekoop: \_\_\_\_\_ Markwaarde: \_\_\_\_\_ Saldo van verband: \_\_\_\_\_

**G STUDIEVELD** Indien gegradeer: Graad verwerf: \_\_\_\_\_

**H BESONDERHEDE VAN NAASBESTAANDE (nie van dieselfde adres nie)**  
 Naam: \_\_\_\_\_ Adres: \_\_\_\_\_ Telefoon-nr.: \_\_\_\_\_ Verwantskap: \_\_\_\_\_

Ek/Ons bevestig dat die inligting hierbo verstrek huis en volledig is. U sal die gebruiksvoorwaardes saam met die kaart ontvang.

Handtekening van aansoeker: \_\_\_\_\_ Bygestaan deur eggenoot of wettige voog: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

**OPSIONEEL**

**I AFTREKORDEROPDRAG** Rek-nr.: \_\_\_\_\_ Voorletters: \_\_\_\_\_  
 Van: \_\_\_\_\_

U word hiermee versoek en gemagtig om maandelikse trekkings teen gemelde rekening op betaaldatum van my/ons Oud-Matie kredietkaartrekening by die gemelde bank (of enige tak waarheen my bankrekening oorgeplaas mag word) te debiteer:

Bank: \_\_\_\_\_ Tak: \_\_\_\_\_ Rek.nr.: \_\_\_\_\_

Besonderhede van betaling: Merk asseblief waar van toepassing:

Die minimum bedrag betaalbaar op my/ons Oud-Matie kredietkaartrekening:

Die saldo van my/ons Oud-Matie kredietkaartrekening:

Handtekening: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

**J BYKOMENDE KAARTE** (Indien u verlang dat 'n Oud-Matie kredietkaart/Garage Kaart ook aan 'n ander persoon, bv. u gade, uitgereik moet word.)  
 Van: \_\_\_\_\_ Voorletters: \_\_\_\_\_ Titel: \_\_\_\_\_

ID-nr.: \_\_\_\_\_

Ek magtig u om 'n bykomende Oud-Matie kredietkaart  / Garage Kaart  aan die bogemelde persoon uit te reik.

Handtekening: \_\_\_\_\_ Handtekening van gemagtigde gebruiker: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

Voltooi en stuur aan: ABSA BANK KAARTAFDELING, NUWE AANSOEKE, POSBUS 3915, PRETORIA 0001. ABSA Bank Beperk Reg. Nr. 86/0479/06

Slate Roof Renovation  
**VISTA SLATE**  
0800-115456

# TAAT JOU FINANSES VLOOTLOOP

Omdat jy deel is van een van Suid-Afrika se voorste akademiese instellings - die Universiteit van Stellenbosch - glo ons jy verdien spesiale erkenning. Daarom wil ons jou graag beloon met 'n eksklusiewe Oud-Maties MasterCard kredietkaart wat slegs deur alumni en lede van die personeel gebruik kan word. 'n Gesogte kredietkaart wat deur meer as 10 miljoen handelaars wêreldwyd aanvaar word. En deur 'n kaarthouer te word, help jy ook bou aan Maties se alumni-fondse sonder dat dit jou 'n sent kos. Vir al jou harde werk by een van Suid-Afrika se puik universiteite, verdien jy hierdie soort krediet. Om aansoek te doen vir jou eie Oud-Maties MasterCard kredietkaart, vul die aansoekvorm op die keersy in en pos dit terug aan die adres op die vorm. Vir meer inligting kan jy ons gerus skakel by (021) 808-4020, of ons per E-pos by [mss@maties.sun.ac.za](mailto:mss@maties.sun.ac.za) kontak. U kan ook inloer op ons Internet adres: <http://www.sun.ac.za>.\*



Oud-Maties MasterCard.  
'n Gesogte kredietkaart wat meer as 10 miljoen handelaars wêreldwyd aanvaar word.

# HOKKIEVROUE KLOP ENGELSE, LEER BY HOLLANDERS

**O**m in Amsterdam teen Nederland se kampioenspan te verloor, was 'n hoogtepunt van die Matievroue se hokkietoer oorsee – want die Nederlanders word seker met hokkiestokke in hul hande gebore."

So gesels die Maties se hokkie-organiseerde Jackie Wiese, oor haar klub se heel eerste amptelike toer buiteland toe. Sy was die spanbestuurder.

Die eerstespan-vroue het einde verlede jaar sewe wedstryde in Engeland en vier in Nederland gespeel – almal teen sterk spanne – asook enkele vriendskaplike wedstryde in Frankryk.

"Die afgelope toer was vir die 17 toerlede 'n ware hokkiebelewenis, sê Wiese. "Elke wedstryd was vir ons 'n kosbare ervaring."

"In Engeland, waar die toer afgeskop het, het die Maties sewe strawwe wedstryde in net agt dae gespeel – en ses van die sewe oortuigend gewen.

Hul enigste neerlaag in Engeland was teen Slough, die Britse nasionale klubligavorlopers. Slough se span het verskeie nasionale spelers ingesluit – waaronder die Engelse kaptein, Karin Brown – wat reeds in meet as 200 toetse vir Engeland en Brittanie uitgedraf het.

Ashleigh Wallace, 'n Oudmatie en oud-Springbok, het in dié wedstryd teen die Maties gespeel.

Onder die oorwinnings in Engeland was dié teen die Universiteit van Oxford (6-0 in die Maties se guns) en teen 'n Gekombineerde Magte-span (7-1 vir die Maties) in Portsmouth.

"Dok Craven het altyd gesê 'n mens kan goed of sleg speel terwyl jy wen of verloor – maar wat saak maak is nie of jy wen nie, maar of jy goed speel. dis hoe ons dink oor ons vier wedstryde in Nederland. Ons het al

vier verloor, maar ons het goed gespeel," sê Wiese.

Sy kan nie uitgepraat raak oor die Nederlanders se hokkievernuf nie. "Hulle is beslis die wêreld se voorste hollieland. Wat tegniek en taktiek betref, is hulle drie treë voor ons."



Een van die wedstryde daar was teen Amsterdam, die voorlopers in die Nederlandse hokkieliga, waar die Maties 6-1 verloor het.

Soos in Engeland, was die pas in Nederland ook vinnig – met al vier die wedstryde in net vier dae ingeryg.

"Nie met die speelprogram was straf nie. dit was 'n toer sonder enige luukshede. Ons het met regskake getoer! En waar daar tyd was, het ons treingery en gestap om 'n bietjie van die besienswaardighede te beleef."

Na Amsterdam het hulle kort vakansiebesoeke aan Parys en München gebring. In Frankryk was daar ook twee vriendskaplike wedstryde teen Mérignac, 'n klubspan van Bordeaux, wat die Maties maklik gewen het. ■

**Dok Craven het altyd gesê... "wat saak maak, is nie of jy wen nie, maar of jy goed speel"**

**Die Matiespan tydens hul heel eerste amptelike hokkietoer buiteland toe, in Amsterdam waar hulle onder meer die voorlopers in die Nederlandse hokkieliga aangedurf het**

# MATIELAND STORIES

## Vinnige depser

In 1944 was ek in 'n privaathuis in Victoriastraat saam met ene Bosch, wat die gawe gehad het om die onverwagte te doen of te sê. Een voorval waar dit gegeld het, was met 'n ekonomiese lesing in die destydse ou Fisiologiegebou (agter die Ou Hoofgebou, ongeveer waar die HB Thom Teater nou is).

Die lesingsaal se banke het van voor af skuins agter toe opgeloop. Aan die vensterkant was party sitplekke so naby die muur dat as 'n mens daar gesit het, jy met jou voet op die vensterbank kon trap. Bosch het op 'n dag in 'n ekonomiese lesing by so 'n plek gesit.

Buite het 'n vliegtuig bo rondgesirkel – met tye so steurend dat die dosent, die bekende prof CGW Schumann (na wie die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se gebou vernoem is) moes stilby omdat die studente hom nie kon hoor lesgee nie.

Tydens so 'n onderbreking het Bosch by die venster uitgeleun om die vliegtuig dlop te hou. Toe die vliegtuig se geraas weer begin wegdraak maar voordat prof Schumann sy lesing kon hervat, sê Bosch: "As hy val, is hy myne!"

**Anie Spies (BSc Ing 1947)**

**Menlopark, Pretoria.**

## Musikale IK-toets

Dr (later prof) SRF Göldner was as wiskundedosent op Stellenbosch beter bekend vir sy uitsonderlike geheue as vir sy humorsin, maar dié het tog ook soms na vore gekom.

Een ooggend, voor die begin van 'n klas terwyl ons op die Ou Hoofgebou se balkon 'n rukkie in die son gesit het en prof Göldner reeds in die klaskamer besig was om hom vir die



## Swak fotografiese diens

**In 'n eerstejaarsklas (Geskiedenis, as ek reg onthou) in die sestigerjare was daar 'n student wat heeltyd agter in die klas met almal rondom hom gesels het. Die dosent het skielik opgehou lesgee en vir die geselsel gevra waarom hy die klas bywoon as hy nie aandag gee nie.**

**"Ek het 'n fotografiese geheue. Ek onthou alles wat u sê," het die student geantwoord.**

**"Dan kan u seker vir die klas herhaal wat ek nou net vir hulle vertel het," sê die dosent.**

**"Jammer," het die student geantwoord. "Daardie deel van die film is nog nie ontwikkel nie."**

**Oudmatie, Somerset-Wes**

lesing gereed te maak, het ons spontaan begin sing.

Toe ons later ons plekke in die klaskamer inneem, sê hy: "Daar word beweer dat daar 'n korrelasie is tussen 'n aanleg vir wiskunde en 'n aanleg vir musiek. Ek het nou net die bewys gekry van my klas se aanleg vir wiskunde."

**Johan W Loubsler, Die Strand**

## Yebo, gogga!

As dit by Oudmatie-grapmakers kom, is daar net een Koos. Jy hoef nie eens sy naam te sê nie – soos met Doktor Con (de Villiers) van wie daar in die vorige uitgawe van Matieland vertel is. Hul bekendheid was nou wel in uiteenlopende velde: Doktor Con s'n in die Soölogie en Koos (Meyer) s'n in studentevermaak.

Een so 'n staaltjie oor Koos, wat aan my vertel is, gaan oor Koos én Doktor Con. Koos was in die Doktor se Dierkunde-klas. Vir die vakansie moes elke student uit sy kontrei voorbeeldige versamel van die soölogiese verskynsels wat daar voorkom, en dit na die vakansie klas toe saambring.

Koos het die eerste weke van die vakansie huis terdeë geniet, totdat hy net 'n paar dae voor hy moes teruggaan Stellenbosch toe, skielik onthou van Doktor Con se opdrag. Pligsgetroe student (sy eie woorde, tong in die kies) het hy bosse, bome en waterpanne deursoek na dierjies, insekte, besies, torre en spinnekoppe. Versigtig het hy hulle gemonteer in 'n kassie met 'n glasdeksel.

Van sommiges was daar 'n aantal

voordele. Vir Doktor Con sou dit nie goed genoeg wees nie, meen Koos. Hy omskep toe die veeltalliges in nuwe voorbeeldie: miskruiers kry lang voelhorings, torre ekstra pote, ensomeer. En siedaar! 'n Meesterstuk in die verscheidenheid van spesies, ingeboks en onder glas!

Op Stellenbosch het hy sy versameling aangelever by Doktor Con. Dié het 'n kollega gehad: dr Coert Grobbelaar, "Coeggt" soos Doktor Con met sy brystem gesê het.

Doktor Con het glo Koos se skeping ernstig bekyk, en toe hard uitgeroep: "Coeggt, kom kyk net wat wat hierdie donneg aangevang. Hy het jou wagtag die togghé se bekende spesies met twintig uitgeborg!"

**Oudmatie, Pretoria**

## Nog 'n botsing

Prof Bun Booyens se kostelike staaltje oor prof Pieter van Braam op sy fiets (Matieland 2.97) het my herinner aan 'n soortgelyke voorval met 'n glimlag by die pyn, soos vertel aan my deur 'n oudinwoner van Harmonie wat in die laat veertigerjare haar onderwysstudie aan die US voltooi het.

Wie die hoogleraar ter sprake was, weet ek nie, maar hy was ook Nederlands en was ook met sy fiets op pad klas toe, met sy kop waarskynlik vol ernstige akademiese sake eerder as by die verkeer rondom hom. Die punt is ook bereik dat sy pad met dié van 'n ander fietsryer sou kruis. Dit was reeds te laat om uit te swaai. 'n Botsing was onvermydelik. Toe die grysard besef wat gaan gebeur, gooi hy sy hande in die lug met die kreet "O ... een collisie!"

**Erik M ten Kate (Oudmatie uit die sestigerjare) Surrey, Engeland**

**O**nthou u 'n oulike seding staaltjie of voorval uit u Matieland-studentedae waaroor mede-Oudmaties kan saamlaag? Selfs iets met 'n traan in die lag? 'n Stukkie lewenswysheid uit die sorgeloos onbesonne kant van studentwees op Stellenbosch? Pos, e-pos of faks sulke bydraes (kort soos dié op hierdie bladsy) aan die adresse van faksnommer op bl. 1.

**R**emember any anecdote, funny incident or other story from your student days at Stellenbosch? Something amusing or more serious that you would like to share with fellow-Oudmaties? Please send your contributions (short ones, as on this page) to Matieland at the postal/e-mail addresses or fax number on page 1.

Wilhelm Grüter se gedagtes gaan 'n paar dekades terug na.

# DIEPER DENKE, BLINDSTARENDE STANDPUNTE

**D**ie tyd dat mense eenvoudig nie meer kan sien wat hulle nie wil sien nie, begin nou so stdig verbygaan, maar dit is 'n ding wat 'n lang pad moet loop.

In die eerste helfte van die dekade van vyftig ("so 'n raps ná die Tweede Wêreldoorlog" wat iemand dié tydvak raak) het ek ook 'n poging aangewend om myself akademies en geestelik te vryyk. Dit het hoofsaaklik op 'n vrugbare sosiale lewe uitgeloop, wat nie te erg deur akademiese aansprake in die wiele gery is nie. Die lewe was 'n lied.

Die enigste aansporing tot dieper denke was die Departement Engels. Die bewindhebbers daar het die vreemde houding gehad dat jy maar kan rondloop in die hoop dat die akkers op jou kop val, maar dat jou akademiese sieleheil toetental in jou eie hande was. Of meer spesifiek, in jou eie kop. Dit verg nogal tyd om jouself daarvan te laat oortuig wanneer jy as volgepropte matriekmasjintjie daar beland.

'n Stewige doppunt vir 'n werkstuk het uiteindelik die situasie by my tuisgebring. Dit was deur-spek met verwysings na die een of ander Literêre Ghoeroe wat ek dapper nageslaan het, en die doppunt was vergesel van die opmerking: "Ek weet wat L.G. dink. Ek wil weet wat jy dink."

O, dis hoe dit werk? Nogal 'n uitdaging.

'n Ander ding was dat hulle nie geskroom het om in hul eie tyd 'n vonk te probeer slaan uit die klipkoppe in hul klas nie. Kort voor lank het jy jou in die een of ander besprekingsgroep met hulle bevind, of selfs net 'n gesprek op straat aangeknoop.

Dat ons D.H. Lawrence in die leerplan behandel het – as daar inderdaad iets so erg georganiseerd was – het in die destydse klimaat van sensuur (*Lady Chatterley's Lover* het nog nie eens in Engeland verskyn nie) outomates gelei tot onderwerpe soos vryheid van spraak en artistieke integriteit.

Oor die einste *Lady Chatterley* spesifiek, waarvan een van die dosente wel 'n ongekuisde eksemplaar had. Juis omdat Lawrence se idee van seks so komieklik was, en derhalwe dus nie eintlik in die literêre weegskala kon val nie, was dit 'n goeie vertrekpunt vir die breër implikasies.

Maar toe gaan vat hulle mos aan die dosent wat kamtig nie meer Engels doseer nie. Nie oor Lawrence nie, want ek dink nie enigiemand kon destyds seks spel nie, maar omdat hy die siele in Engels Spes. eweneens wou inspireer tot op die minste 'n basiese omgangsvermoë met die Rooi taal (en

Kommunisme was toe nog nie eens die Totale Aanslag nie).

Sy tegniek was om die Boertjies tot weerstand uit te lok, om hulle aan die praat te kry, met verskeie bevraagtekening van waardes wat in die Stellenbosse gemoedere in rots gebeitel was.

Die owerhede het hom geskors, hangende 'n ondersoek, en so meer. Onder die voorbokke wat 'n protesaksie in die vorm van 'n peticie georganiseer het, was die skrywer deses. Uiteindelik het dit gelei tot die haas ondenkbare: 'n onderhoud met die rektor.

Die konfrontasie was nogal verblindend. Ons het gevrees onder die vaandel van akademiese vryheid. Die rektor het egter al die name laat nagaan, en wou weet hoekom die peticie dan onderteken is deur studente in ander fakulteite en departemente, soos byvoorbeeld Bosbou. (Ek bedoel – Bosbou! Wat het dit met Engels te doen?)

Nie met Engels nie, met akademiese vryheid, het ons volhard. Ek dink ons het seker ewe blind aan mekaar se standpunte verbygestaan, maar dit was verblindend duidelik dat daar geen middegrond gevind sou word nie. Selfs een van die administrasie se hoogste amptenare het verleë begin lyk toe akademiese vryheid keer op keer van die tafel gevee is.

Die afloop hiervan was afsienbaar, en die dosent het op die ou end sy pakkie gevat en geloop. Aan owerheidsekant was die slag gelewer, maar vir 'n paar gekneusde psiges het die oorlog pas begin – die stryd om vir jouself te mag dink. Van die stryders van destyds het party in verskillende graderinge links gedraai, en Stellenbosch – nou ja, die ander hand isregs.

Die uiteinde op 'n ander vlak was minder afsienbaar maar gelukkiger. Die Burger had toe al snuf in die neus oor die affère, en het 'n jong verslaggeefster gestuur (vorige jaar afgestudeer op Stellenbosch) om onder die studente te loop uitwind. Tegelyk is een van sy gerespekteerde ringkoppe afgevaardig om met diegene in die hogere gestoeltes te raadpleeg.

Die verslaggeefster en ek het mekaar so van sien geken, en ek het haar die hele storie van ons kant af vertel, terwyl die hoog geroemde joernalistiese audio alternek partie elders aan die gang was. (Terloops, daar het nie 'n dooie woord hiervan ooit in die koerant verskyn nie.)

Sy het my goed uitgeluister, en op die ou end gesê baie dankie, maar eintlik moet sy glo met ene Wilhelm Grüter oor die saak gesels, so is vir haar gesê. Let wat bekaf het ek verduidelik dat ek tog hy was.

Maar ons het mekaar weer raakgeeloop, en ons is nog altyd getroud. ■



**Wilhelm Grüter** is kunsredakteur van Die Burger. Sy vrou, Petra Müller, is 'n bekende skryfster. Hulle is albei Oudmaties. **Cora Coetzee** is 'n oudstudent van die Departement Beeldende Kunste. Haar man, prof. Jeff Coetzee, is 'n US-geneeskundedosent, en hulle het twee Matie-seuns.

Verkoopsagente

Marlene  
082 781 3504  
Mari  
082 566 1155



Yvonne  
082 572 5242  
Gretel  
082 572 5276  
Lizanne  
082 576 1538

## STELLENBOSCH

Pleinstraat 33 Plein Street Posbus/PO Box 981 Stellenbosch 7599  
Tel: (021) 887 4740 Faks: (021) 887 3875 Epos: annabp@mweb.co.za

### Memory Lane

- ◆ R298 500 (BTW ingesluit)
- ◆ Tweeslaapkamerwoonstelle
- ◆ Op kampus ◆ 50m<sup>2</sup>-75m<sup>2</sup>



### Berg & Dal

- ◆ Vanaf R255 000 (BTW ingesluit)
- ◆ Uitstekende waarde vir geld
- ◆ Drieslaapkamerkothuise met twee badkamers
- ◆ Goeie sekuriteit




### Vergezicht

Twee slaapkamerwoonstelle naby die kampus ◆ R210 000 (BTW ingesluit) ◆ Oppervlakte: 54m<sup>2</sup> tot 58m<sup>2</sup>  
◆ Motorhiuse opioneel

#### GUEST HOUSE FOR SALE:

Cape cottage, walking distance to centre of Stellenbosch, excellent investment



- ◆ Eight gracious dwellings boasting magnificent views
- ◆ Access controlled security to each fully enclosed property
- ◆ No levies
- ◆ No transfer duty
- ◆ Five individual designs to choose from

- ◆ Double garages
- ◆ Well proportioned reception rooms
- ◆ Plots ±550m<sup>2</sup>
- ◆ Houses ±240m<sup>2</sup>
- ◆ Prices ranging from R875 000
- ◆ Occupation within five months of purchase

Vir plase en kleinhoewes, kontak Schalk van der Merwe 082 800 2588



# MARTELL 5 STAR BRANDY

IT'S A QUESTION OF STYLE

NOT FOR SALE TO PERSONS UNDER THE AGE OF 18